

Graad R-Wiskunde-
verbeteringsprogram

Aktiwiteitsgids: Kwartaal 2



Afrikaans

Die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek is 'n inisiatief van die **Gauteng Departement van Onderwys** en sy sleutelvennoot, die **Gauteng Education Development Trust**.

Die ontwikkeling en produksie van die opleidings- en klaskamerhulpbronne vir die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek is moontlik gemaak deur ruimskootse projekbefondsing van die **United States Agency for International Development** en die **Zenex-stigting**.

Die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek word bestuur deur **JET Education Services** met die **Schools Development Unit** aan die **UK** en **Wordworks** as tegniese vennote.

Die **Schools Development Unit (SDU)** aan die **Universiteit van Kaapstad (UK)** is die tegniese vennoot vir wiskunde vir die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek. Die SDU is 'n eenheid binne die School of Education van die UK wat op die professionele ontwikkeling van onderwysers ten opsigte van Wiskunde, Wetenskap, Geletterdheid/Taal en Lewensvaardighede van Graad R tot Graad 12 fokus. Die SDU bied onderwyskwalifikasies en goedgekeurde kortkursusse van die UK, skoolgebaseerde werk, materiaalontwikkeling en navorsing om onderrig en leer in alle Suid-Afrikaanse kontekste te ondersteun.

Hierdie uitgawe van die wiskundemateriaal het gebaat by die betrokkenheid van kollegas by Wordworks en is verbeter deur dit in ooreenstemming te bring met die materiaal van die Taalverbeteringsprogram. Dit is verryk deur die werk van amptenare van die subdirektorate vir Vroeëkindertontwikkeling- en Grondslagfase-kurrikula van die Gauteng Departement van Onderwys op distriks- en provinsiale vlak, wat waardevolle bydraes gelewer het tot die inhoud van die materiaal en konstruktief meegewerk het om te verseker dat dit in ooreenstemming is met provinsiale beleid, praktyke en waardes.

ERKENNINGS

Spesiale dank aan:

- ★ Die amptenare van die Direkoraat: Kurrikulum, Direkoraat: Onderwyseropleiding en Direkoraat: Spesiale Onderwys van die Gauteng Departement van Onderwys vir hul bydrae tot die aanpassing van ons materiaal.
- ★ Kollegas van Wordworks, tegniese vennoot vir taal vir die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek, vir samewerking aan die materiaalontwikkeling.
- ★ Amptenare en onderwysers van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) vir hul bydrae tot die suksesvolle implementering van die Grade R Mathematics Programme (*R-Maths*) in die Wes-Kaap tussen 2016 en 2019.
- ★ Die *R-Maths*-skryfspan: SDU-personeel en -konsultante, en amptenare van die WKOD.

Die Graad R-Wiskunde-verbeteringsprogram is aangepas uit *R-Maths*, eerste uitgawe in 2017 deur die Schools Development Unit, Universiteit van Kaapstad. Kopiereg van *R-Maths* berus by die Universiteit van Kaapstad.

Die Graad R-Wiskunde-verbeteringsprogram is gelisensieer onder 'n Creative Commons Attribution 4.0 International Licence [Attribution-Non-Commercial-ShareAlike].



Hierdie lisensie laat hergebruikers toe om die materiaal in enige medium of formaat vir nie-kommersiële doeleindes alleenlik te versprei, te vermeng, aan te pas en uit te brei, en dan slegs indien erkenning aan die skepper daarvan gegee word. Indien die materiaal vermeng, aangepas of uitgebrei word, moet die gewysigde materiaal ingevolge identiese voorwaardes gelisensieer word.

Om die volledige voorwaardes vir hierdie lisensie te besigtig, gaan na: <https://creativecommons.org/licenses/by-nc-sa/4.0/>

Programkonseptualisering en -bestuur: Cally Kuhne en Tholisa Matheza

Vertaling- en publikasieprojekbestuur: Arabella Koopman

Vertalingskoördineerder (Afrikaans): Ilse von Zeuner

Vertaling: Anita van Zyl

Redigering en proeflees van Afrikaanse uitgawe: Ilse von Zeuner, Language Mechanics

Illustrasies: Jiggs Snaddon-Wood

Geset deur: Jenny Wheeldon

Ontwerp: Magenta Media

Omslagontwerp: Jacqui Botha

Inhoud

Inleiding	4
Inhoudsoorsig: Kwartaal 2	10
Week 1	12
Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe	
Week 2	20
Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe	
Week 3	28
Fokus van Inhoudsarea: Ruimte en Vorm (Meetkunde)	
Week 4	36
Fokus van Inhoudsarea: Ruimte en Vorm (Meetkunde)	
Week 5	45
Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe	
Week 6	53
Fokus van Inhoudsarea: Patrone, Funksies en Algebra	
Week 7	61
Fokus van Inhoudsarea: Datahantering	
Week 8	70
Fokus van Inhoudsarea: Ruimte en Vorm (Meetkunde)	
Week 9	78
Fokus van Inhoudsarea: Meting	
Week 10	87
Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe	
Assessering	96
Hulpbronne	98
Liedjies, rympies en stories	98
Patroontemplate	104

Inleiding

Die Graad R-Wiskunde-verbeteringsprogram (*Grade R Maths*) is gebaseer op 'n goeie kennis van wiskunde, 'n begrip van die vordering in die Graad R-kurrikulum, en 'n besef dat sommige onderrigbenaderings meer geskik is om spesifieke leeruitkomste te bevorder.

Die *Grade R Maths Aktiwiteitsgids: Kwartaal 2* bied 'n struktuur vir die onderrig van wiskunde in die tweede kwartaal van Graad R deur:

- die inhoud van elke Wiskunde-inhoudsarea oor tien weke in volgorde te plaas
- vordering en werkspoed wat binne die vyf inhoudsareas gehandhaaf moet word, te verskaf
- op een hoofinhoudsarea per week te fokus (Onderwerpe uit ander inhoudsareas kan egter gedurende daardie week bekendgestel en geoefen word. Getalverwante leer en onderrig vind elke dag plaas, en word in al die inhoudsareas geïntegreer.)
- aktiwiteite vir die hele klas, onderwyser-gerigte aktiwiteite en onafhanklike groepwerk voor te stel.

Kenmerke van Aktiwiteitsgids: Kwartaal 2

Die volgende kenmerke vorm deel van *Aktiwiteitsgids: Kwartaal 2*:

- 'n Oorsig van die inhoud dui die nuwe kennis en die oefenfokus per week aan.
- Die fokus vir die kwartaal, week en inhoudsarea word duidelik aan die begin van elke week uiteengesit.
- Die kassies vir Onderwerpe, Nuwe kennis en Oefen wys wat in die week behandel sal word.
- Nuwe wiskunde-woordeskat vir die week word per week voorsien.

Onderwerpe	Nuwe kennis	Oefen
<ul style="list-style-type: none">• Herken en identifiseer getalsimbole en getalname• Beskryf, vergelyk en orden getalle	<ul style="list-style-type: none">• Meer as, minder as, gelyk aan• Getal 4	<ul style="list-style-type: none">• Mondelinge tel van 1–10 en 5–1• Tel voorwerpe van 1–5• Plaas getalle van 1–3 in volgorde• Getalkonsep 1–3
Nuwe wiskunde-woordeskat		
meer as	minder as	gelyk aan

- Daar is 'n lys van wat jy elke week moet voorberei.
- Wenk-kassies gee idees en herinner jou aan sekere aspekte.
- Integrasie-kassies stel voor hoe wiskunde in ander vakke en in alledaagse aktiwiteite gedurende die dagprogram vir Graad R vasgelê kan word.
- Die kassies waar die onderwyser kan vasstel wat die leerders weet of kan doen, rig waarneming en deurlopende assessering.
- 'n Bladsy met deurlopende assessering is gegrond op die kwartaal se aktiwiteite.
- Hulpbronne en patroontemplate word agter in die gids verskaf.

Grade R Maths in die dagprogram

Roetine is belangrik en leerders geniet die herhaling en voel veilig wanneer hulle weet wat voorlê en wat van hulle verwag word.

Bepanning is ook belangrik om te verseker dat die roetine glad verloop. Lees alles vir die week en berei vooraf al die materiaal voor wat jy vir elke dag nodig sal hê. Pak die materiaal vir die dag die vorige dag uit sodat alles in die oggend gereed is.

Grade R Maths stel 'n volgorde van aktiwiteite voor wat daaglik in 'n vyfdagweek herhaal word. Organisering van die klaskamer en aktiwiteite wat gebruik kan word om wiskunde-konsepte te onderrig en vas te lê, word per week gegee. Dit behels die volgende:

Aktiwiteite vir die hele klas per dag

- Rympie of liedjie
- Mondelinge tel
- Tel van konkrete voorwerpe
- Aktiwiteite en vrae wat verband hou met onderwerpe in die inhoudsarea

Aan die einde van die aktiwiteit vir die hele klas, moet die onderwyser vir die leerders wys wat hulle by elke werkstasie moet doen. Al die materiaal wat hulle benodig, behoort gereed te wees sodat hulle met die aktiwiteite kan begin.



Oorgange: beweging tussen aktiwiteite

Wanneer leerders tussen die mat en die werkstasies beweeg, is dit 'n goeie geleentheid om ritmiese tel en prettige, kreatiewe maniere om te beweeg te oefen, byvoorbeeld, stadig soos skilpaaie, hop soos hasies, stil soos muisies, een-een met hul naam-/prentsimboolkaarte.

Kleingroepaktiwiteite

- Daar is een onderwyser-gerigte aktiwiteit per dag.
- Daar is vier kleingroepaktiwiteite per dag. Hierdie vier onafhanklike aktiwiteite (of selfstandige aktiwiteite) behoort by vier **werkstasies** in die klaskamer opgestel te word – of by die tafels waar leerders sit of staan, of op die mat, of buite. Die groepe roteer in die loop van 'n week na elke **werkstasie**, afhangend van hoe die onderwyser die aktiwiteite beplan het. Herinner leerders om beurte te maak, materiaal te deel en mekaar te help terwyl hulle werk.


Opruimtyd

Leerders moet weet waar die materiaal en toerusting gebêre word. 'n Rak of tafel wat slegs vir wiskunde-toerusting is, sal leerders help om georganiseerd te wees. Moedig leerders aan om mekaar tydens opruimtyd te help. Aanvanklik sal leerders hulp nodig hê en jy sal hulle moet herinner waar om dinge te bêre, maar hulle sal gou 'n roetine leer om dinge te bêre waar dit hoort. Kies elke week groepleiers en helpers om op te ruim. Gee vir hulle spesifieke take en verantwoordelikhede.

Vryekeuse-aktiwiteite

Stel kreatiewe, interessante aktiwiteite beskikbaar waaruit leerders kan kies sodra hulle die aktiwiteit by hul werkstasie voltooi het. Dit kan insluit:

- blokkies of ander konstruksie-speelgoed
- legkaarte
- speeldeeg
- boeke in die leeshoekie
- fantasiespel, byvoorbeeld, winkel-winkel
- bladsye uit werkboeke, of werkblaaië.




Assessing

Waarneming en deurlopende assessering tydens onderwyser-gerigte aktiwiteite en aktiwiteite vir die hele klas bied geleenthede vir insig in, en 'n goeie oorsig van, elke leerder se vordering. Hierdie inligting is belangrik om verdere onderrig en intervensies vir individuele leerders te rig. Die kontrolelys vir deurlopende assessering op bladsye 96–97 van hierdie gids is gegrond op die inhoud wat in Kwartaal 2 onderrig word. Hierdie templaot kan gebruik word om elke leerder se vordering gedurende die kwartaal aan te teken.

Grade R Maths in die klaskamer

Stel 'n area in die klaskamer op wat net vir wiskunde is, en wat naby die mat is. Dit is 'n gedeelde ruimte waar leerders kan bydra tot, en deelneem aan, die onderwerp waarvan hulle leer. 'n Ideale wiskunde-area sal die volgende insluit:

- klein tafeltjie teen die muur
- getallelyn wat met tou en pennetjies gemaak is
- daaglikse weerkaart
- kalender vir elke maand met blokkies vir elke dag
- kaart met die name van die dae van die week
- dagprogram met prente vir die verskillende aktiwiteite
- leerders se naamkaarte en simbole gerangskik volgens hul groepname
- helper-simbole wat vir leerders gegee word volgens die dag van die week
- helperskaart.



Maak saam met die leerders 'n plakkaat met "klaskamerreëls". Stal dit uit waar hulle dit maklik kan sien. Daar behoort nie meer as ses of sewe reëls te wees nie.

Ons klaskamerreëls




Hulpbronne vir *Grade R Maths*

Grade R Maths Hulpbronnstel

Grade R Maths verskaf 'n hulpbronnstel vir die onderrig en leer van wiskunde wat apparaat vir 'n klein groepie van ses tot agt leerders bevat. Die hulpbronnstel sluit die volgende items in:

- telmateriaal, byvoorbeeld gekleurde skywe en stokkies, vrugte- en dieretellers, Unifix-blokkies
- ekstragroot dobbelstene
- stringe met tien struktuurkrale
- kolkaarte
- getalkaarte: getalsimbole (0–10) en getalname (nul–tien)
- attribuutblokke.



Dit behoort nie die enigste hulpbronne te wees wat onderwysers en leerders tydens wiskunde-aktiwiteite gebruik nie. Alledaagse voorwerpe van die huis af is ideaal om te sorteer, te tel en om vorms te verken.

Herwinbare materiaal

Bêre herwinbare materiaal in houers met deksels wat duidelik gemerk is (soos: vrugte- en groenteverpakkings, 2 liter-roomyshouers en 500 ml-fetakaashouers). Bêre die houers op 'n rak of iewers waar leerders dit kan bykom. Moedig leerders aan om die voorwerpe weg te pak wanneer dit opruimtyd is indien hulle dit by hul werkstasies of vir vryekeuse-aktiwiteite gebruik het. Hier volg 'n paar idees vir wiskunde-hulpbronne:

- bottelproppies en deksels (verskillende vorms, groottes en kleure)
- bokse van verskillende groottes (tandepasta-, graankos-, koekie-, jellie-, verpakkingsbokse)
- plastiekhouers (500 ml- en 1 liter-bottels, margarienhouders, 250 ml- en 500 ml-jogurthouers, roomysbakke, groenteverpakkings)
- buise en silinders (kartontoiletrolle, kartonhanddoekrolle, karton-tinfoelierolle, blikke)
- eierboksies
- knope, ou sleutels, plastieklepels, roomysstokkies, broodsakkie-knypers
- verskeidenheid balle, boontjiesakke, hoelahoepels.



Ander hulpbronne

Ander nuttige hulpbronne vir die onderrig van *Grade R Maths* sluit in:

- kryte, verf, gom, skêre
- speeldeeg of modelleerlei
- boeke wat vir wiskunde-besprekings gebruik kan word
- boublokke en konstruksie-speelgoed (versamel stukkies afvalhout, indien nodig)
- 'n verskeidenheid legkaarte en speletjies, byvoorbeeld domino's, slangetjies en leertjies, Ludo, Lotto


- lengtekaart
- groot speelkaarte
- speelgeld: munte en note (om in 'n speel-speel-winkel te gebruik)
- groot muurhorlosie met wysers
- balanseerskaal
- krale om te sorteer, in te ryg en patrone mee te vorm
- apparaat om in sand en water mee te speel
- apparaat vir klim, balanseer, swaai en spring.

Die *Grade R Maths* Plakkaatboek

Daar is elf plakkate in die *Grade R Maths Plakkaatboek*. Die plakkate beeld bekende kontekste uit waarby leerders aanklank vind en wat een of ander aspek van wiskunde vasvang, byvoorbeeld, in die klaskamer, op die speelgrond en in die kombuis. Die plakkate is bedoel om belangstelling te wek in, en bespreking te stimuleer van, wiskunde-onderwerpe, wat insluit: getal, patrone, ruimte en vorm, volgorde van tyd, en meting. Die plakkate kan gebruik word om leerders se kritiese denke en redeneervermoë te oefen. Dit is perfek vir die ontwikkeling van probleemoplossingsvaardighede en vir wiskunde-ondersoeke.

Onderwysers kan leerders aanmoedig om die plakkate te bespreek en hul idees te deel deur vrae te stel om hulle te lei om op 'n spesifieke aspek van die plakkaat te fokus, byvoorbeeld:

- Wat sien julle in die prent?
- Waar dink julle is die kinders/mense?
- Wat gebeur in die prent?
- Kan julle vir my 'n storie oor die prent vertel?
- Hoeveel ... kan julle sien? Wat as daar een meer/minder ... is?
- Waar is die ...?
- Wat sal gebeur as ...?
- Wat dink julle gaan volgende gebeur?
- Wat dink julle kan ... sien van waar hulle staan?
- Watter patroon kan julle sien? Beskryf die patroon.
- Watter vorms kan julle sien?
- Watter ... is die langste/kortste?
- Kan julle enige wiskunde-woorde gebruik om iets in die prent te beskryf?



Inhoudsoorsig: Kwartaal 2

LET WEL: Fokus van Inhoudsarea en Nuwe kennis is in blou. Ander inhoud wat in die week gedek word, is in grys.

Fokus van Inhoudsarea	Week 1	Week 2	Week 3	Week 4	Week 5
1. Getalle, Bewerkings en Verwantskappe	Meer as, minder as, gelyk aan Getal 4 Mondelinge tel van 1–10 en 5–1 Tel voorwerpe van 1–5 Plaas getalle van 1–3 in volgorde Getalkonsep 1–3	Suid-Afrikaanse munte Ordinale getalle van eerste tot vierde Maak groepe dieselfde tot by 4 Tel voorwerpe van 1–6 Mondelinge tel van 1–10 en 5–1 Plaas getalle van 1–4 in volgorde Getalkonsep 1–4	Mondelinge tel van 1–15 Tel voorwerpe van 1–7 Getalkonsep 1–4 Plaas getalle van 1–4 in volgorde Tel terug van 5–1	Een meer, een minder Mondelinge tel van 1–15 en 5–1 Tel voorwerpe van 1–7 Getalkonsep 1–4	Getal 5 Mondelinge tel van 1–15 en 5–1 Tel voorwerpe van 1–7 Getalkonsep 1–4 Plaas getalle van 1–4 in volgorde Meer, minder
2. Patrone, Funksies en Algebra					
3. Ruimte en Vorm (Meetkunde)			Posisie: onder Posisie: langsaan, tussen, voor, agter, bo-op Rigting: vorentoe, agtertoe Vorms: sirkel, vierkant, driehoek	Sorteër 3D-voorwerpe: ooreenkomste en verskille Posisie: bo Posisie: onder, op, in, uit Vorms: sirkel, vierkant, driehoek Legkaarte met twaalf stukke	
4. Meting		Grootste tot kleinste, kleinste tot grootste			
5. Datahantering			Sorteer volgens een kenmerk		

Fokus van Inhoudsarea	Week 6	Week 7	Week 8	Week 9	Week 10
1. Getalle, Bewerkings en Verwantskappe	<p>Mondelinge tel van 1–20</p> <p>Tel terug van 7–1</p> <p>Tel voorwerpe van 1–7</p> <p>Getalkonsep 1–5</p> <p>Plaas getalle van 1–5 in volgorde</p> <p>Maak groepe dieselfde</p>	<p>Mondelinge tel van 1–20 en 7–1</p> <p>Tel voorwerpe van 1–7</p> <p>Getalkonsep 1–5</p> <p>Meer as, minder as, gelyk aan</p>	<p>Mondelinge tel van 1–20 en 7–1</p> <p>Tel voorwerpe van 1–7</p> <p>Getalkonsep 1–5</p>	<p>Mondelinge tel van 1–20 en 7–1</p> <p>Tel voorwerpe van 1–7</p> <p>Skat van 1–7</p>	<p>Breek getalle af en bou dit op</p> <p>Probleem-oplossings-tegnieke</p> <p>Optel en aftrek met konkrete voorwerpe</p> <p>Getalle in bekende omgewings</p> <p>Mondelinge tel van 1–20 en 7–1</p> <p>Tel voorwerpe van 1–7</p> <p>Getalkonsep 1–5</p> <p>Plaas getalle van 1–5 in volgorde</p> <p>Meer as, minder as</p> <p>Watter getal kom voor, na?</p>
2. Patrone, Funksies en Algebra	<p>Kopieer eenvoudige, herhalende patrone en brei dit uit</p> <p>Skep en verduidelik eie patroon</p>				
3. Ruimte en Vorm (Meetkunde)		<p>Vorms: sirkel, vierkant, driehoek</p>	<p>Volg rigting-aanwysings</p> <p>Middellyn-kruising</p> <p>Vorms: sirkel, vierkant, driehoek</p> <p>Vorentoe, agtertoe</p> <p>Vaslegging van posisie</p>		<p>Vorms: sirkel, vierkant, driehoek</p>
4. Meting				<p>Meet en vergelyk: lengte (lank, langer, langste; kort, korter, kortste)</p> <p>Lengte: lank, kort</p>	
5. Datahantering		<p>Versamel, sorteer en stel versamelings voorwerpe voor</p> <p>Ontleed en doen verslag oor data</p> <p>Sortering en klassifisering</p>			

Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe

Onderwerpe

- Herken en identifiseer getalsimbole en getalname
- Beskryf, vergelyk en orden getalle

Nuwe kennis

- Meer as, minder as, gelyk aan
- Getal 4

Oefen

- Mondelinge tel van 1–10 en 5–1
- Tel voorwerpe van 1–5
- Plaas getalle van 1–3 in volgorde
- Getalkonsept 1–3

Nuwe wiskunde-woordeskat

meer as

minder as

gelyk aan

Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- getalfries en patroontemplant van huis vir die getal 4 (bladsy 104)
- 8 kol-, getalsimbool- en getalnaamkaarte vir die getal "4"
- 1 stel kolkaarte vir getalle 1–4 per leerder (met verskillende kolrangskikkings)
- speeldeeg-patroontemplant: Getal 4 per leerder (bladsy 106)
- 'n verskeidenheid prentlegkaarte per leerder (Teken of kopieer 'n prent op 'n vel A5-papier/karton. Knip die prent in vier stroke en nommer die stroke 1 tot 4. Sien Werkstasie 2.)
- getalsimbool- en kolstrook 1–4: 1 per leerder (sien die onderwysergerigte aktiwiteit, stap 3, bladsy 17)
- 'n stel bypassende getal- en prentlegkaarte van 1–4 per paar (sien Werkstasie 4).

Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1



WENK

Mondelinge tel kan tydens oorgange plaasvind. Maak hierdie tellery aktief en prettig.

Wat jy nodig het

- Verjaarsdagkaart
- Getalfries: Getal 4 (bladsy 104)
- Getalfriese 1–3
- Getal 4-storie (bladsy 98)

1. **Rympie:** Sê 'n rympie uit Kwartaal 1 op.
2. **Mondelinge tel:** 1–10 en 5–1.


WENK

Onthou om oor die dagprogram te gesels. Onthou om elke dag die kalender, dae van die week, maande van die jaar en verjaarsdagkaart te doen.

3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Leerders kyk na die verjaarsdagkaart. Hulle tel saam die eerste vyf maande van die jaar. Bespreek die feit dat leerders so pas van vakansie teruggekeer het en vestig hul aandag op die huidige maand van die jaar.

Leidende vrae:


- ★ Watter maand van die jaar is dit nou?
- ★ Watter maand is die eerste maand?
- ★ Is daar enige maande waarin vyf leerders se name voorkom? (As daar is, tel dit saam.)

4. **Stel die getal "4" bekend:** Wys na die getalfriese 1 tot 3.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel diere dink julle sal in die volgende huis woon?
- ★ Sal daar meer of minder as 3 wees?

Vertel die *Getal 4-storie*. Die diere se huis is die fokus van die storie. Wys die dele van die getalfries terwyl jy die storie van die diere en beelde van die huis opbou: die verskillende voorstellings van die getal 4, byvoorbeeld, die prent, die kolle, die getalsimbool en die getalnaam. Stal die dele van die fries in die dierehuis teen die muur in die wiskunde-area uit. Tel saam die kameelperde.

**Leidende vrae:**

- ★ Wie het al 'n kameelperd gesien? Waar?
- ★ Hoe dink julle beweeg hulle?
- ★ Hoe beweeg 'n olifant/'n sebra/'n meerkat?
- ★ Hoeveel meer kameelperde is daar as meerkatte?
- ★ Hoeveel minder meerkatte is daar as kameelperde?
- ★ As een kameelperd na die meerkatte se huis toe gaan, hoeveel diere sal daar in die meerkatte se huis wees?

5. **Kleingroepaktiwiteit:** Beskryf die aktiwiteit by elke werkstasie.

Dag 2**Wat jy nodig het**

- 5 piesangs, 4 lemoene, 4 appels, 4 aarbeie (*Hulpbronstel*)
- Liedjie: *So maak ons vrugteslaai* (bladsy 98)
- 8 kol-, getalsimbool- en getalnaamkaarte vir die getal "4"

1. **Liedjie:** Stel die liedjie, *So maak ons vrugteslaai*, bekend.

Leidende vrae:

- ★ Wie het al vrugteslaai geëet?
- ★ Met watter soort vrugte maak julle die graagste vrugteslaai?
- ★ Hoeveel verskillende soorte vrugte het ons van gesing?

WENK

Maak daaglikse mondelinge tel prettig. Sluit idees van die leerders in, wanneer moontlik.

2. **Mondelinge tel:** 1–10 en 5–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Leerders sit in 'n kring. Plaas vier groepe vrugtetellers op die mat: vyf piesangs, drie lemoene, twee appels en vier aarbeie.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel piesangs/lemoene/appels/aarbeie dink julle is daar?
- ★ Watter hopie het die meeste/minste vrugte?

Tel saam elke hopie vrugte.

4. **Meer as/minder as; gelyk aan:** Fokus op die lemoene en appels.

Leidende vrae:

- ★ Wat het ons nodig sodat die getal lemoene/appels gelyk is aan die getal aarbeie?
- ★ Hoe kan ons vier vrugte in die groep met lemoene/appels kry?



5. **Wiskundetafel:** Leerders gaan in groepe van vier na buite. Elke leerder in 'n groep behoort 'n soortgelyke klein voorwerp op te tel, byvoorbeeld, stokkies of blare. Leerders kom sit weer in hul groepe op die mat. Elke groep sê wat en hoeveel hulle gevind het. Bespreek die ooreenkomste en verskille tussen versamelings. Gee vir elke groep 'n kol-, getalsimbool- of getalnaamkaart vir die getal 4. Elke groep kry 'n beurt om hul voorwerpe en die kaart met die getal 4 op die tafel te sit.
6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede: Nuwe wiskunde-woordeskat kan heeldag gebruik word, byvoorbeeld, tydens gesprekke in verversingstyd.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Liedjie: *So maak ons vrugteslaai* (bladsy 98)
- Vrugtetellers (*Hulpbronstel*)
- Getalfriese 1–4
- 2 bakkies
- 7 vrugtetellers
- 20 kol-, getalsimbool- en prentkaarte vir getalle "1–4" (*Hulpbronstel*)

1. **Liedjie:** Sing, *So maak ons vrugteslaai*, met aksies.
2. **Mondelinge tel:** 1–10 en 5–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Tel saam die vingers aan een hand. Bespreek van watter liggaamsdele leerders vyf en minder het.

4. **Kolkaarte en ordening van 1–4:** Wys vir leerders kolkaarte 1–4.**Leidende vrae:**

- ★ Wat is dit? (kolkaart 3)
- ★ En dit? (kolkaart 1)
- ★ Wat gebeur wanneer ons hierdie, 1 en 3, bymekaarsit? (Wys kolkaart 4.)

Herhaal met ander konfigurasies.

Hou die kol-, prent- en getalsimboolkaarte van 1–4 in 'n waaier sodat leerders slegs die agterkant van die kaarte kan sien. Leerders maak beurte om 'n kaart te kies. Hulle sê hoeveel kolle op die kaart is en wys dit vir die klas.



- ★ Watter diere op ons getalfriese pas by die kaart wat _____ vashou?

Plaas die getalsimboolkaarte vir 1–4 teen die muur in die verkeerde volgorde.

- ★ Wat let julle op omtrent die volgorde van hierdie kaarte?
- ★ Op watter ander maniere kan ons hulle rangskik?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.**Dag 4****Wat jy nodig het**

- 2 deursigtige plastiekhouders wat elk 5 voorwerpe van verskillende groottes bevat, byvoorbeeld, boontjies, klippies
- Liedjie: *So maak ons vrugteslaai* (bladsy 98)
- 4 hoelahoepels (of bordkryt/tou om sirkels te maak)
- 10 houtblokke
- 20 getalsimbool-, getalnaam- en kolkaarte vir getalle "1–4"
- 10 Unifix-blokkies
- Musiekinstrument

1. **Liedjie:** Sing *So maak ons vrugteslaai*.
2. **Mondelinge tel:** 1–10 en 5–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Leerders sit in 'n kring. Plaas twee houders met vyf voorwerpe van verskillende groottes in die middel van die mat.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel voorwerpe is in elke houer?
- ★ Dink julle daar is dieselfde aantal voorwerpe in elke houer?

Tel saam die voorwerpe. Herinner leerders dat die voorwerpe se grootte nie 'n invloed op die getal voorwerpe het nie.

4. **Oefening en ordening van getalle van 1–4:** Plaas vier hoelahoepels op die mat met een houtblok in een hoepel, twee blokke in die volgende een, ensovoorts. Laat die leerders elkeen 'n prent-, getalsimbool-, getalnaam- of kolkaart vir 1, 2, 3, 4, of tussen een en vier Unifix-blokkies op die mat gaan haal. Speel 'n liedjie en laat die leerders op maat van die musiek beweeg. Wanneer die musiek ophou, gaan sit hulle langs die hoelahoepels met die bypassende getal blokkies.

Leidende vrae:

- ★ Hoe kan ons hierdie hoelahoepels orden?
 - ★ Watter hoelahoepel behoort eerste te wees? Hoekom?
 - ★ Watter een kom voor hierdie een, volgende, na?
 - ★ Is daar meer/minder leerders om hierdie hoelahoepel of om daardie hoelahoepel?
5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 5


Wat jy nodig het

- Groepe van vyf voorwerpe oral in die klaskamer geplaas
- Liedjie: *So maak ons vrugteslaai* (bladsy 98)
- Plakkaat 6

1. **Liedjie:** Sing *So maak ons vrugteslaai* en dramatiseer dit.
2. **Mondelinge tel:** 1–10 en 5–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–5:** Plaas groepe van vyf voorwerpe op duidelik sigbare plekke in die klaskamer. Speel, "Ek sien met my klein ogie ...", byvoorbeeld: "Ek sien met my klein ogie vyf sakke." Tel saam die voorwerpe en herhaal met 'n ander groep van vyf voorwerpe.
4. **Oefen 1–4:** Bespreek Plakkaat 6. Praat oor wat die leerders kan sien.

Leidende vrae:

- ★ Waar dink julle is hierdie mense?
 - ★ Kan julle vier, drie, twee of een van enigiets sien?
 - ★ Is daar meer voëls in die boom of meer eende in die watertrog?
 - ★ Hoeveel bale hooi is op die bakkie?
 - ★ Hoeveel bale hooi is op die grond?
 - ★ Hoeveel bale hooi sal oorbly as die perde een van hierdie bale eet?
- Moedig leerders aan om die probleme op hul eie op te los. Skep geleentheid sodat hulle dit self kan oplos.
5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.



WENK

Nie alle leerders sal vertrou wees met 'n plaastoneel soos hierdie een nie. Maak tyd om dit te kontekstualiseer.

Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit


Wat jy nodig het

- 'n Houer per leerder met:
 - Kol-, simbool- en getalnaamkaarte vir getalle 1–4 (*Hulpbronstel*)
 - 5 gekleurde tellers
- Kolkaarte vir die getal 4 (*Hulpbronstel*)
- Speeldeeg en 'n mat per leerder
- 'n Vel A4-papier per leerder
- Kryte

1. **Mondelinge tel:** Leerders sit in pare. Hulle kyk na mekaar en klap hul hande saam en tel van 1–10 en 5–1.
2. **Tel voorwerpe van 1–5:** Leerders tel elkeen 5 tellers.
3. **Pas 1–4 bymekaar:** Wys na die getalle op die friese. Leerders plaas hul bypassend kol-, getalsimbool- en getalnaamkaarte voor hulle. Hulle pas groepe tellers hierby en orden dit van 1 tot 4.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel tellers het julle in elke groep?
- ★ Wat is die getal voor/na 3, tussen 1 en 3?
- ★ Watter groep het 1 minder/meer teller as die groep met 2 tellers?



4. **Oefen 4:** Leerders rangskik hul vier tellers om by verskillende getal 4-kolkaarte te pas.
5. **Oefen meer as, minder as, gelyk aan:** Verwyder 'n paar tellers uit sommige van die leerders se groepe van vier.

Leidende vrae:

- ★ Het enigeen van julle dieselfde getal tellers?
- ★ Het _____ meer/minder tellers as _____?
- ★ Hoe kan ons vir _____ en _____ ewe veel tellers gee?



Die konsep van "minder" sal ondersteuning verg.

6. **Oefen getal 4 met speeldeeg:** Leerders maak die getalsimbool 4 uit speeldeeg. Ondersteun leerders wat gereed is om 4 te skryf.



Maak seker die leerders kan:

- mondeling van 1–10 tel
- voorwerpe van 1–5 tel
- meer as, minder as en gelyk aan herken
- getalsimbool-, getalnaam- en kolkaarte vir getalle 1–4 herken, bymekaar pas, benoem en orden
- kan voorwerpe by kolkaarte 1–4 pas

Werkstasie 1

Wat jy nodig het

- Speeldeeg
- Speeldeeg-patroontemplant: Getal 4 per leerder (bladsy 106)

Leerders gebruik speeldeeg om die patroontemplant te voltooi.

Werkstasie 2

Wat jy nodig het

- 'n Houer met legkaartstrookprente per leerder

Leerders plaas legkaartstrokke in die korrekte volgorde om 'n prent te vorm. Wanneer hulle klaar is, plaas hulle dit terug en ruil met 'n ander leerder.



Werkstasie 3

Wat jy nodig het

- 'n Houer per leerder met:
 - Getal- en kolstrook vir getalle 1–4
 - Getalname een tot vier
 - 'n Houer met Unifix-blokkies uit die *Hulpbronstel*


Leerders pas die getalname een tot vier by die getalstrook (deur die friese as verwysing te gebruik). Hulle plaas voorwerpe in kolomme bo elke getal.

Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- 'n Stel bypassende getal- en prent-legkaarte van 1–4 per paar

Leerders voltooi die getal-legkaarte. Wanneer hulle klaar is, ruil hulle met ander leerders.



Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe

Onderwerpe

- Geld: ontwikkel 'n bewustheid van Suid-Afrikaanse munte

Nuwe kennis

- Suid-Afrikaanse munte
- Ordinale getalle van eerste tot vierde
- Maak groepe dieselfde tot by 4
- Tel voorwerpe van 1–6

Oefen

- Mondelinge tel van 1–10 en 5–1
- Plaas getalle van 1–4 in volgorde
- Getalkonsep 1–4
- Grootste tot kleinste, kleinste tot grootste


Nuwe wiskunde-woordekat

munte	geld	springbok	bloukraanvoël	lelie
rand	10c, 20c, 50c	koedoe	protea	prys
sente	R1, R2, R5	blouwildebees	strelitzia	koste

Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- prente van diere en plante wat op Suid-Afrikaanse munte voorkom
- kartonuitknipprente van brons en silwer munte: 10c, 20c, 50c, R1, R2, R5 (bladsy 108–109) – ses per leerder, en nog vier van elk
- 12 items vir “inkopies”, byvoorbeeld, graankosbokse/tandepastaboksies, jogurthouers, ensovoorts
- 'n deursigtige spaarbussie met 'n slot om die kartonmunte in te sit en 'n opening om die munte weer uit te haal (plastiekbottels of -houers kan gebruik word)
- getalsimboolkaarte vir getalle 1–4
- 'n vel A4-karton of 'n vel A4-papier met 'n groot patroontemplaat van 'n sirkel daarop geteken vir elke leerder
- 'n vel A4-papier met vier sirkels, elk met 'n getalsimbool en bypassende kolle 1–4 vir elke leerder
- 'n vel A4-papier vir elke leerder met buitelyns van 'n ruspe, elke segment met 'n getalsimbool en bypassende kolle 1–4
- 'n getalkaartbladsy vir elke leerder met die getalgebied 1–4 (bladsy 110)
- munt-in-die-bank-speletjie (bladsy 99)
- 'n kleur- en getalleposbus.



Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1

Wat jy nodig het

- 6 regte munte (10c, 20c, 50c, R1, R2, R5)
- 6 kartonmunte (bladsye 108–109)
- Plakkaat 7

1. **Liedjie:** Sing 'n liedjie uit vorige weke.
2. **Mondelinge tel:** 1–10 en 5–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–6 (stel Suid-Afrikaanse munte bekend):** Skud regte munte in jou hande.

Leidende vrae:

- ★ Wat dink julle het ek in my hande?
- ★ Waarvoor gebruik ons geld?
- ★ Hoeveel verskillende Suid-Afrikaanse munte is daar? Kom ons tel. Tel kartonmunte terwyl jy dit teen die muur plak.

4. **Plakkaat 7:** Bespreek Plakkaat 7. Bespreek wat die leerders kan sien.

Leidende vrae:

- ★ Was julle al ooit by 'n mark?
- ★ Wat koop die mense op hierdie plakkaat?
- ★ Hoeveel _____ dink julle koop _____?
- ★ Doen julle inkopies? Vertel my daarvan.
- ★ Wat koop jul gesinne gewoonlik by die winkels?



5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 2

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Vyf blink munte* (bladsy 99)
- 6 "inkopie-items" wat oral in die klaskamer geplaas word
- 'n Houer met kartonmunte (10c, 20c, 50c, R1, R2, R5) – vier van elk
- Wondergom
- 4 stoele

1. **Liedjie:** Sing *Vyf blink munte*.
2. **Mondelinge tel:** 1–10 en 5–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–6; herken munte en pas dit bymekaar:** Leerders maak saam 'n inkopietafel. Hulle kies items in die klaskamer wat op die tafel geplaas word om te verkoop. Hulle kies kartonmunte om op die gekose items te plak.

WENK

Dit is belangrik dat leerders só sit dat almal die hulpmiddels wat gebruik word, kan sien.



Leidende vrae:

- ★ Wat het julle gekies?
 - ★ Watter munt dink julle moet op die _____ geplak word? Hoekom?
 - ★ Watter munt pas by die munt op die _____?
4. **Ordinale getalle – eerste tot vierde:** Vier leerders sit op vier stoele agter mekaar asof hulle in 'n taxi op pad winkel toe is.

Leidende vrae:

- ★ Wie sit op die eerste/derde stoel?
- ★ Wie sit op die stoel agter die eerste stoel?
- ★ Wie sit op die laaste stoel?
- ★ Wie sit tussen _____ en _____?

Herhaal met vier ander leerders.


5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Vyf blink munte* (bladsy 99)
- 5 kartonmunte, 1 spaarbussie
- 6 "inkopie-items" wat oral in die klaskamer geplaas word
- 'n Houer met kartonmunte (10c, 20c, 50c, R1, R2, R5) – vier van elk
- Prent-, getalsimbool- en kolkaarte vir getalle 1–4 (*Hulpbronstel*)
- Tellers (*Hulpbronstel*)
- Tamboeryn/rammelaar

1. **Liedjie:** Sing *Vyf blink munte*. Gebruik munte en 'n spaarbussie om die aksies uit te voer.
2. **Mondelinge tel:** 1–10 en 5–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–6:** Herhaal Dag 2, aktiwiteit 3.
4. **Oefen getalle van 1–4:** Wys kolkaarte van 1–4 individueel. Leerders roep die getal kolle op elke kaart uit. Plaas die kaarte op die mat in geskommelde volgorde. Orden dit saam van 1 tot 4. Plaas die oorblywende kolkaarte van 1–4 op die mat. Leerders pas dit by die geordende kolkaarte.



5. **Pas-speletjie:** Gee vir elke leerder 'n kolkaart, prentkaart, getalsimboolkaart, of een, twee, drie of vier tellers. Slaan op die tamboeryn terwyl leerders op die maat daarvan beweeg. Wanneer die musiek ophou, vind leerders 'n maat met dieselfde getal.
6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

WENK

Gee vir leerders wat nog nie 'n kans gekry het om inkopies te doen nie, 'n kans om 'n muntstuk by 'n item op die tafel te pas terwyl hulle na hul werkstasies beweeg.

Dag 4

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Vyf blink munte* (bladsy 99)
- 5 kartonmunte, 1 spaarbusie
- 2 klein deursigtige plastieksakkies: 6 kartonmunte in een sakkie en 5 in die ander sakkie
- Getalsimbole 1–4 in 'n boks

1. **Liedjie:** Sing *Vyf blink munte*. Gebruik munte en 'n spaarbusie om die aksies uit te voer.

2. **Mondelinge tel:** 1–10 en 5–1.

3. **Tel voorwerpe van 1–6:** Leerders sit in 'n kring. Wys vir die leerders twee plastieksakkies – een met ses kantonmunte en die ander met vyf kantonmunte.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel munte dink julle is daar in hierdie sakkie?
- ★ En in hierdie sakkie?
- ★ Dink julle daar is meer/minder munte in hierdie sakkie? Hoe weet julle dit?

Tel saam die munte in elke sakkie en plaas dit in twee groepe op die mat.



4. **Oefen meer as, minder as, gelyk aan:** Bespreek die twee groepe munte.

Leidende vrae:

- ★ Ek wil net 4 munte in elke groep hê. Wat kan ons doen? Tel 4 munte uit elke groep in 'n sakkie in. Kyk na die munte wat op die mat oorbly.
- ★ Het daar meer munte in hierdie groep of in daardie groep oorgebly?
- ★ Waarom is daar minder munte in hierdie groep oor?

5. **Orden getalle 1–4:** Vier leerders staan met toe oë, sodat hulle nie hul getal kan sien nie, en haal elkeen 'n getalsimboolkaart van 1–4 uit 'n boks. Hulle staan langs mekaar en sê wat hulle dink hul getal is. Die res van die leerders sê hoe hulle behoort te beweeg om hulself van 1 tot 4 te orden. Herhaal met vier ander leerders.

Leidende vrae:

- ★ Watter getal kom eerste?
- ★ Watter getal kom tweede/derde/vierde?
- ★ Watter getal kom na ____?
- ★ Wie hou die laaste getal vas?
- ★ Watter getal is tussen ____ en ____?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 5

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Vyf blink munte* (bladsy 99)
- Getafriese 1–4
- *Getal 4-storie* (bladsy 98)
- Plakkaat 7
- 10 gekleurde tellers (*Hulpbronstel*)

1. **Liedjie:** Sing *Vyf blink munte*. Gebruik munte en 'n spaarbussie om die aksies uit te voer.
2. **Mondelinge tel:** 1–10 en 5–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–6:** Vyf leerders staan voor in die klas.
Leidende vrae:
 - ★ Hoeveel leerders staan voor in die klas?
 - ★ Is daar minder of meer as ses? (Tel hulle.)
 - ★ Was julle antwoorde reg?
 - ★ As ek wil hê ses leerders moet voor in die klas staan, hoeveel leerders moet nog voor kom staan?
4. **Oefen getalle 1–4:** Herroep saam die *Getal 4-storie* en -fries. Rol speel die diere se bewegings en/of geluide, byvoorbeeld, een trompetter vir die olifant, twee galoppe vir die sebras.
5. **Probleemoplossing van 1–4:** Bespreek Plakkaat 7. Praat oor wat die leerders sien.
Leidende vrae:
 - ★ Kan julle ses/vier/drie/twee van enigiets sien?
 - ★ Hoeveel soorte vrugte kan julle sien?
 - ★ Is daar meer waatlemoene of meer pynappels? Hoe weet julle dit?
 - ★ Hoeveel pynappels sal oorbly as Pappa drie koop?
 - ★ Hoeveel mense staan in die ry by die boereworsstalletjie?
 - ★ Hoeveelste staan die seun met die skaatsplank in die ry?
 - ★ As hy drie boereworsrolle vir sy gesin koop en twee eet, hoeveel sal hy oor hê?
 - ★ Hoeveelste sal Laylah in die ry wees as die seun wegstap?
6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

 **WENK**

Ons wil hê leerders moet probleme kan oplos sodat hulle kritiese denkers kan word.

Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede: Verskaf geleenthede vir leerders om inkopies te doen in die fantasie-area en buite; sing liedjies oor inkopies en dramatiseer stories oor inkopies.



Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- 6 brons en silwer kartonmunte
- Tellers (*Hulpbronstel*)
- 'n Houer vir elke leerder met:
 - 6 brons en silwer kartonmunte (10c, 20c, 50c, R1, R2, R5)
 - 2 plastiekdeksels
- Items op die wiskundetafel met munte daarop vasgeplak vir "inkopies"

1. **Tel voorwerpe van 1–6:** Plaas ses kartonmunte op die mat. Leerders skat hoeveel munte daar is. Tel saam die munte.

Leidende vrae:

- ★ Is daar meer of minder as die getal waaraan julle gedink het?
 - ★ Het julle meer of minder as ses munte in jul houers?
- Leerders tel elkeen ses munte uit hul houers.
- ★ Wat kan julle vir my van jul munte vertel?
 - ★ Watter getalle, diere, voëls of plante sien julle? Is die munte dieselfde grootte/kleur?

Leerders vergelyk munte met mekaar.

2. **Skud en breek:** Plaas twee deksels voor elke leerder. Leerders skud die tellers en "breek" dit dan in twee groepe op. Leerders plaas hul tellers op hul deksels soos dit "opgebreek" is. Hulle maak beurte om te sê hoeveel hulle op elke deksel het en hoeveel altesaam.

Leidende vrae:

- ★ Hoe het julle vier opgebreek?
- ★ Wie se groepe het dieselfde getal tellers?
- ★ Wie het hulle tellers dieselfde/anders opgebreek?
- ★ Waarom is die groepe dieselfde/verskillend?

Herhaal die aktiwiteit.

3. **Oefen om groepe gelyk te maak:** Leerders plaas drie tellers op een van hul deksels en een op die ander deksel.

Leidende vrae:

- ★ Hoe kan julle groepe met ewe veel tellers op elke deksel maak?
- ★ Het julle dieselfde getal tellers in elke groep?

4. **Sorteer Suid-Afrikaanse munte:** Leerders plaas die munte op 'n hopie in die middel van die kring.

Leidende vrae:

- ★ Hoe kan ons die munte sorteer?
- ★ Kan julle dit op 'n ander manier sorteer?

5. **Orden; grootste tot kleinste:** Leerders plaas die munte in volgorde van die kleinste tot die grootste en dan van die grootste tot die kleinste.
6. **Pas munte bymekaar:** Kyk saam met die leerders na die wiskunde-inkopietafel. Leerders pas een van hul munte by 'n item en sê vir die groep hoe die munte bymekaar pas.



Maak seker die leerders kan:

- gelyke groepe maak
- twee groepe met mekaar vergelyk en ooreenkomste en verskille raaksien deur vier voorwerpe te gebruik
- Suid-Afrikaanse munte herken, verskille en ooreenkomste tussen die munte raaksien en dit bymekaar pas
- munte volgens grootte orden

Werkstasie 1

Wat jy nodig het

- 'n Vel A4-papier of -karton met 'n groot sirkel per leerder
- 'n Skêr per leerder
- Kryte, kleurpotlode
- Voorbeelde van Suid-Afrikaanse munte (plakkaat of kartonmunte), geplaas waar leerders dit kan sien.

Leerders knip die "munt" uit die papier of karton. Hulle teken prente aan albei kante van hul "muntstuk". Hulle skryf 'n getal van hul keuse aan een kant. Maak ekstra sirkels vir dié leerders wat meer wil doen.



Werkstasie 2

Wat jy nodig het

- 'n Vel A4-papier met vier sirkels, elk met 'n getalsimbool en bypassende kolle per leerder
- 'n Vel A4-papier met die buitelyne van 'n ruspe met getalsimbole 1-4 op die lyf, per leerder
- Gom
- Kryte
- 'n Skêr per leerder

Leerders kleur die vier sirkels in en knip dit uit. Hulle pas dit by die getalsimbole en plak dit op die ruspe se lyf. Hulle kleur die ruspe se gesig in en teken twee pote by elke sirkel.

Werkstasie 3

Wat jy nodig het

- 'n Vel A4-papier met 'n getalkaart van 1–4 per leerder
- Kryte/kleurpotlode

Leerders teken die korrekte getal prente (van wat “hulle graag wil koop”) langs die rye wat 1–4 genommer is. Leerders kan ook tellers of speeldeegmodelle by die getalle van 1–4 pas.



Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- Posbus
- 'n Houer vir elke leerder met 13 tellers uit die *Hulpbronstel* (sluit ten minste een rooi, twee blou, drie geel en vier groen tellers in die versameling in)
- Munt-in-die-bank-speletjie (bladsy 99)
- 'n Bakkie vir elke paar leerders

Leerders kies die korrekte kleur en getal tellers om in die gleuf met die bypassende kleur van die posbus te pos. Wanneer hulle klaar is, gebruik hulle hul oorblywende drie tellers om “Munt in die bank” te speel.



Fokus van Inhoudsarea: Ruimte en Vorm (Meetkunde)

Onderwerpe

- Posisie, oriëntasie en aansigte
- Beskryf, sorteer en vergelyk 2D-vorms met mekaar

Nuwe kennis

- Mondelinge tel van 1–15
- Tel voorwerpe van 1–7
- Posisie: onder

Oefen

- Posisie: langsaan, tussen, voor, agter, bo-op
- Rigting: vorentoe, agtertoe
- Getalkonsep 1–4
- Plaas getalle van 1–4 in volgorde
- Tel terug van 5–1
- Vorms: sirkel, vierkant, driehoek
- Sorteer volgens een kenmerk

Nuwe wiskunde-woordeskat

rigting




kyk na

onder

Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- karton-uitknipvorms (middelslag): 4 driehoeke, 3 sirkels, 7 vierkante
- 10 driehoek-kartonvorms van verskillende groottes en kleure
- groot uitknipprente van groente vir die storie



- speeldeeg
- klein karton-ster
- A4-vorm-bladsy – een per leerder (Sluit meer driehoeke van verskillende groottes in as ander vorms.)
- 'n vel A4-papier met 4 wortels (sien Werkstasie 2)
- 10 groen papierstroke per leerder.



WENK

Bevorder vaslegging van vorige woordeskat oor ruimte en vorm.

Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1

Wat jy nodig het

- Karton-uitknipvorms (middelslag): 4 driehoeke, 3 sirkels, 7 vierkante
- 16 driehoek-, sirkel-, vierkant-attribuutblokke (*Hulpbronstel*)
- Liedjie: *So maak ons vrugteslaai* (bladsy 98)
- Voorstellings vir die getal 4 van die wiskundetafel (van Week 1)

WENK

Karton is driedimensioneel. Dit het lengte, breedte (wydte) en hoogte. In Graad R gebruik ons uitknipprente om tweedimensionele vorms, soos sirkels, vierkante, driehoeke en reghoeke, te toon. Fokus op die vorm: die lengte, hoe breed die "vorm" is, die lyne, die hoeke of punte.

WENK

Leerders plaas vorms op die wiskundetafel in groepe van vier langs kaarte met die getal 4 wanneer hulle na hul werkstasies beweeg.

1. **Liedjie:** Sing *So maak ons vrugteslaai*.
2. **Mondelinge tel:** 1–15 en 5–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders sit in 'n kring. Kyk saam na die groepe karton-uitknipvorms van vier driehoeke, drie sirkels en sewe vierkante.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel driehoeke/sirkels/vierkante dink julle is daar in hierdie groep?
- ★ Watter groep het meer/minder as die groep met driehoeke/sirkels/vierkante?

Tel die driehoeke en sirkels saam van 1–7. Tel dan die vierkante.

4. **Oefen posisie – langsaan, tussen, voor, agter, bo-op:** Leerders gaan haal elkeen een vorm op die mat. Speel "Sizwe sê". Gee verskillende instruksies vir elke vorm terwyl jy leiding gee.

Leidende instruksies:

- ★ Almal met 'n sirkel sit hul vorm *voor* hul knie, gesig, maag. (Herhaal met vierkante en driehoeke.)
- ★ Hou jou sirkel *agter* jou rug, knie, ensovoorts, met een hand/albei hande.
- ★ Probeer om jou driehoek *agter* jou oor te sit.
- ★ Stap rond terwyl jy jou vorm *bo-op* jou kop balanseer.
- ★ Leerders met 'n driehoek hou dit *tussen* hul knieë vas.
- ★ Leerders met 'n sirkel sit dit aan een *kant* van jul liggame. Sit dit nou aan die ander kant. (Herhaal met vierkante en driehoeke.)

5. **Posisie:** Stel "onder" bekend.

Leidende vrae:

- ★ Kan jy sit/lê met jou vorm *onder* jou liggaam, *onder* jou hand op die vloer, *onder* jou voet?
- ★ *Onder* watter ander deel van jou liggaam kan jy jou vorm sit?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 2

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Kop, skouers, knie en toon* (bladsy 99)
- 2 houers
- 7 boontjiesakke/opgerolde sokkies
- 10 uitknipprente van driehoeke van verskillende groottes en
- kleure, oral in die klaskamer geplaas
- Getalsimboolkaarte van 1–4 (*Hulpbronstel*)
- 1 driehoek-attribuutblok

1. **Liedjie:** Sing *Kop, skouers, knie en toon*.

Leidende vrae:

- ★ Jou kop is bo-op jou ____?
- ★ Jou neus is tussen jou ____?
- ★ Jou neus is langs jou ____?
- ★ Die vloer is onder jou ____?

2. **Mondelinge tel:** 1–15 en 5–1.

3. **Tel voorwerpe van 1–7; meer/minder:** Leerders sit in 'n kring. Plaas twee vlak houers in die middel. Plaas vyf boontjiesakke/sokkies in een houer en twee in die ander houer. Leerders skat hoeveel boontjiesakke/sokkies in elke houer is. Tel saam sewe leerders om elkeen 'n boontjiesak te vat en op hul plekke te gaan sit. Hulle maak beurte om hul boontjiesakke in enige van die twee houers te gooi. Herhaal met sewe ander leerders. Gesels oor watter houer meer/minder boontjiesakke het.
4. **Oefen kenmerke van die driehoek; oefen 1–4:** Hou 'n driehoekvorm agter jou rug sonder dat leerders die vorm sien. Leerders moet raai wat die vorm is. Gee vir hulle leidrade, byvoorbeeld: "Dit het drie sye en drie reguit lyne."

Leidende vrae:

- ★ Hoe verskil die driehoek van ander vorms in die klaskamer? Leerders soek na 10 driehoeke wat in die klaskamer weggesteek is. Hulle plaas dit op die mat langs die getalsimboolkaarte van 1–4.
- ★ Watter groep het meer/minder?
- ★ Hoeveel driehoeke het die groep wat tussen 2 en 4 is?
- ★ Hoe kan ons vir die groep van 3 dieselfde getal driehoeke as die groep van 4 gee?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Kop, skouers, knie en toon* (bladsy 99)
- 11 houtblokkies uit die blok-area (driehoekig, vierkantig en sirkelvormig)
- Tamboeryn

1. **Liedjie:** Sing *Kop, skouers, knie en toon*, met aksies.



WENK

Plaas houers en boontjiesakke met getalsimbool- en getalnaamkaarte in die wiskunde-area.

2. **Mondelinge tel:** 1–15 en 5–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders sit in 'n kring. Plaas twee groepe blokkies op die mat (sewe in een groep en vier in die ander groep).

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel blokkies dink julle is daar in hierdie groep?
- ★ En in hierdie groep?

Tel saam die blokkies in elke groep.

- ★ Wie se skatting was die naaste?

4. **Meer, minder, gelyk aan:** Vergelyk die groepe blokkies met mekaar.

Leidende vrae:

- ★ Watter groep het meer/minder?
- ★ Wat het ons nodig om die groepe gelyk aan mekaar te maak?

5. **Posisie – langsaan, tussen, onder:** Gee vir 'n paar leerders instruksies om blokkies oral in die klaskamer neer te sit deur “langsaan” en “tussen” te gebruik.

Leidende instruksies:

- ★ Plaas 'n vierkantige blokkie langs die wiskundetafel.
- ★ Plaas 'n driehoekige blokkie tussen my stoel en die deur.

Speel die tamboeryn terwyl al die leerders tussen die blokkies beweeg. Wanneer die musiek ophou, vorm hulle groepe van vier en staan langs mekaar.

Leidende vrae:

- ★ Wie staan langsaan _____?
- ★ Wie staan tussen _____ en _____?

Leerders staan agter mekaar.

- ★ Wie staan voor/agter jou?

Leerders beweeg op maat van die musiek en vorm nuwe groepe van vier.

6. **Kleingroepaktiwiteit:** Beskryf die aktiwiteit by elke werkstasie.

 **WENK**
Gesels oor waar die leerders wat nie 'n groep van vier het nie, kan gaan staan om groepe van vier te maak. Vra leerders vir idees oor hoe om hierdie probleem op te los.

Dag 4

Wat jy nodig het

- Liedjie: *So maak ons groentesop* (bladsy 99)
- Vorm-storie en groenteprente: *Hulle trek en trek* (bladsy 100)
- 'n Houer op die wiskundetafel met 8 sirkel-, 8 vierkant- en 8 driehoek-attribuuwblokke

1. **Liedjie:** Stel die liedjie, *So maak ons groentesop*, bekend.
2. **Mondelinge tel:** 1–15 en 5–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders sit in 'n kring. Plaas die groenteprente vir die storie op die mat. Leerders skat en tel hoeveel groenteprente daar is.



WENK

Plaas attribuutblokke en groentevorms op die wiskundetafel sodat leerders dit bymekaar kan pas.

Leidende vrae:

- ★ Het julle al voorheen gesien hoe iemand sop maak?
- ★ Sien julle enigiets ongewoons raak omtrent die vorm van hierdie groente?

4. **Vorm-storie:** Vertel die storie deur die prente te gebruik.

Leidende vrae:

- ★ Watter vorm het hierdie groente gewoonlik?
- ★ Kan julle aan ander groente dink wat julle aan 'n sirkel/driehoek laat dink?
- ★ Het julle al ooit groente met 'n vierkantige vorm gesien?
- ★ Hoeveel aartappels/wortels is daar?
- ★ Is daar meer wortels of meer aartappels?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 5



WENK

Stuur 'n boodskap aan ouers/versorgers waarin jy voorstel dat hulle saam met hul kinders groentesop maak.

Wat jy nodig het

- Liedjie: *So maak ons groentesop* (bladsy 99)
- Vorm-storie: *Hulle trek en trek*
- Prente van groente
- Plakkaat 9
- 1 klein speelgoedkarretjie
- 1 klein karton-ster

1. **Liedjie:** Sing *So maak ons groentesop*.
2. **Mondelinge tel:** 1–15 en 5–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Tel die sewe prente van uie in die storie vir Dag 4.
4. **Vorm-storie:** Herroep saam die storie en wys die prente van die groente.

Leidende vrae:

- ★ Het julle gister by die huis of in die winkels enige groente gesien wat soos 'n vierkant, sirkel of driehoek lyk?
- ★ Het julle met jul gesinne gepraat oor hoeveel groente hulle gewoonlik gebruik wanneer hulle sop maak?

Kyk na voorbeelde van groenteprente en bespreek die vorms.

5. **Rigtingaanwysing:** Kyk na Plakkaat 9. Vra vir die leerders om te sê wat hulle sien.

Leidende vrae:

- ★ Wat sien julle wat lyk soos iets wat julle al voorheen naby jul huis gesien het?
- ★ Wat dink julle is dit? (Wys na 'n gebou op die kaart.)



Plaas die speelgoedkarretjie waar Malusi in die prent staan, en 'n ster op sy bestemming. Leerders maak of Malusi in die karretjie is en gee vir jou aanwysings terwyl jy die karretjie beweeg.

- ★ Wat sien Malusi rondom hom?
- ★ Behoort hy hier reguit aan te ry? (Wys.)
- ★ Watter kant toe moet hy ry om by _____ uit te kom?
- ★ Wat sal hy op sy pad sien?
- ★ Wanneer moet hy draai?

Herhaal dit met verskillende bestemmings.

6. **Kleingroepaktiwiteit:** Beskryf die aktiwiteit by elke werkstasie.

Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede: Vra leerders om vir hul ouers/versorgers die storie, *Hulle trek en trek*, te vertel, te bespreek hoeveel groente hulle gebruik wanneer hulle sop maak, en om na die vorms van vrugte en groente by die huis en/of in winkels te kyk.

Kleingroepaktiwiteit

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- 'n Houer vir elke leerder met:
 - Kolkaarte, getalsimbool- en getalnaamkaarte vir 1–4
 - 7 gemengde attribuutblokke (reghoeke uitgesluit)
 - 4 dieretellers

1. **Mondelinge tel van 1–15:** Elke leerder tel van 1–15.
2. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders sit in 'n kring met hul houers. Hulle tel elkeen hul 7 attribuutblokke.
3. **Oefen 1–4:** Lei leerders om met hul vorms en simbool- en kolkaarte vir die getalle 1–4 te werk.

Leidende vrae:

- ★ Kan julle twee groepe maak? Een groep met vier vorms en een groep met drie vorms?
 - ★ Kan julle jul bypassende kolkaarte en getalsimboolkaarte langs hierdie groepe neersit?
 - ★ Kan julle jul hande langs die groep plaas wat meer/minder vorms het?
 - ★ Hoe kan ons hierdie groepe gelyk maak?
4. **Sortering:** Plaas al die vorms in 'n hopie in die middel van die mat.

Leidende vrae:

 - ★ Wat is dieselfde/verskillend omtrent hierdie vorms?
 - ★ Watter kleure sien julle?
 - ★ Hoe kan ons hierdie vorms sorteer?

WENK

Attribuutblokke is driedimensionele voorwerpe. In Graad R praat ons oor "blokke" wat "lyk soos" tweedimensionele vorms, soos sirkels, vierkante, driehoeke en reghoeke. Onthou om op die oppervlak ('n vlak) van die attribuutblok te fokus wanneer julle oor 'n vorm praat.

5. **Ordering en posisie – langs, tussen, onder deur 1–4 te gebruik:**

Leerders orden getalsimbool-, getalnaam- en kolkaarte vir 1–4.

Leidende vrae:

- ★ Kan julle jul vingers op die getal wat langs die getal 1 is, plaas?
- ★ Is daar nog 'n getal langs 1?
- ★ Watter getal kom voor/na 3?
- ★ Kan julle vir my die getal wys wat tussen 1 en 3 is?
- ★ Kan julle een vierkant kies om *onder* jul kolkaart vir die getal 1 te plaas?
- ★ Hoeveel sirkels het julle nodig om *onder* jul kolkaart vir die getal 3 te plaas?
- ★ Kan julle die regte getal driehoek *bo-op* jul kolkaart vir die getal 4 plaas?



6. **Rigting en posisie:** Leerders tel vier dieretellers uit hul houers uit.

Leidende vrae:

- ★ Kan julle al jul diere na my toe laat kyk?
- ★ Kan julle jul diere agter mekaar plaas sodat almal na die deur toe kyk?
- ★ Watter dier staan voor/agter _____?
- ★ Watter dier staan tussen _____ en _____?
- ★ Kan julle die _____ skuif om langs die _____ te staan?



Maak seker leerders:

- kan volgens vorms en kleure sorteer
- verstaan die posisie "onder"
- toon 'n begrip van rigting
- kan mondeling van 1–15 tel
- kan voorwerpe van 1–7 tel
- kan getalsimboolkaarte van 1–4 orden

Werkstasie 1

Wat jy nodig het

- Vorm-bladsy per leerder
- Verf of kryte

Leerders kleur slegs die driehoek op die bladsy in.




Werkstasie 2

Wat jy nodig het

- 'n A4-patroontemplant van 'n wortel per leerder
- 10 stroke vir blare per leerder
- 'n Vel A4-papier per leerder
- Gom

Leerders knip die vier wortels uit. Hulle plak dit op die papier vas in die volgorde van 1 tot 4 en plak die korrekte getal blare op elkeen vas.



Werkstasie 3



WENK

Jy kan ook krale/ mosaïekteëls/ polistireen-uitknipvorme uit jul versameling afvalmateriaal gebruik vir sortering.

Wat jy nodig het

- Per leerder:
 - 'n Sorteerbord, byvoorbeeld, eierboksies
 - 'n Houer met vrugtetellers, stokkies, Unifix-blokkies, gekleurde skywe (*Hulpbronstel*)

Leerders sorteer die voorwerpe volgens een kenmerk op 'n slag, byvoorbeeld kleur of vorm.



WENK

Bespreek die blokke tydens verversingstyd deur toepaslike woordeskat te gebruik, byvoorbeeld, langer, korter.

Wat jy nodig het

- Blokke

Leerders bou met blokke.

Fokus van Inhoudsarea: Ruimte en Vorm (Meetkunde)

Onderwerpe

- Posisie, oriëntasie en aansigte
- Beskryf, sorteer en vergelyk 3D-voorwerpe met mekaar

Nuwe kennis

- Sorteër 3D-voorwerpe: ooreenkomste en verskille
- Een meer, een minder
- Posisie: bo

Oefen

- Mondelinge tel van 1–15 en 5–1
- Tel voorwerpe van 1–7
- Getalkonsep 1–4
- Posisie: onder, op, in, uit
- Vorms: sirkel, vierkant, driehoek
- Legkaarte met twaalf stukke

Nuwe wiskunde-woordeskat

een minder

altesaam

bo

voor

agter

Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- 'n groot kartonsirkel, -vierkant, -driehoek (groot genoeg vir vier leerders om saam op te staan)
- 2 klein kartondriehoeke, -vierkante, -sirkels
- kolkaarte en getalsimboolkaarte vir die getalle 3 en 4 om by dié in die *Hulpbronstel* te voeg (jy moet genoeg hê vir 21 leerders)
- maak 'n hindernisbaan waardeur 'n diereteller (uit die *Hulpbronstel*) kan beweeg (gebruik items soos: bokse, serpe, kartonbuise en houtblokke)
- uitknipprente: sirkels, vierkante en driehoeke van verskeie groottes en kleure – nagenoeg drie per leerder
- legkaart met twaalf stukke (bladsy 112).

Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1

Wat jy nodig het

- Rympie: *Wielie-Walie, Rondomtalie* (bladsy 100)
- 1 groot bal
- 'n Groot kartonsirkel, -driehoek, -vierkant
- Plakkaat 11
- Voorwerpe met 'n sirkel-, vierkant- en driehoekvorm wat oral in die klaskamer geplaas word – 1 per leerder
- Attribootblokke (*Hulpbronstel*)

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Wielie-Walie, Rondomtalie*, op.

2. **Mondelinge tel:** 1–15 en 5–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders sit in 'n kring. Rol die bal een vir een na sewe leerders terwyl die klas van 1–7 tel. Herhaal 'n paar keer met ander leerders. Die leerders wat reeds 'n beurt gehad het, klap hande terwyl julle almal saam tel.



4. **Oefen vorms; ooreenkomste en verskille:** Hou 'n groot kartonsirkel, -vierkant en -driehoek op. Kyk na Plakkaat 11.

Leidende vrae:

- ★ Waar op die plakkaat kan julle hierdie vorms sien?
- ★ Kan julle aan enigiets in jul huis/in die wêreld dink wat julle aan enige van hierdie vorms herinner?

Leerders soek na voorwerpe met sirkel-, vierkant- of driehoekvorms in die klaskamer. Hulle keer terug na hul plekke op die mat wanneer hulle iets gevind het.

Vergelyk ooreenkomste en verskille tussen hul voorwerpe. Plaas die voorwerpe in groepe in die wiskunde-area bo-op die kartonvorms.

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 2

Wat jy nodig het

- Rympie: *Wielie-Walie, Rondomtalie* (bladsy 100)
- Storie: *Hulle trek en trek* (bladsy 100)
- Prente vir storie
- 1 groot vierkant, 2 sirkels, 3 groot driehoeke, 4 klein driehoeke – attribootblokke (*Hulpbronstel*)
- Sak/boks
- 7 gekleurde tellers

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Wielie-Walie, Rondomtalie*, op.
2. **Mondelinge tel:** 1–15 en 5–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders sit in 'n kring. Tel die groenteprente in die storie *Hulle trek en trek* uit Week 3. Kyk na 7 tellers op die mat.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel tellers dink julle is daar in hierdie groep?
- ★ Dink julle daar is meer tellers as groente?

Tel en pas die tellers by die prente.


WENK

Onthou dat elke attribuutblok driedimensioneel is, maar dat leerders op die oppervlak ('n vlak) van die voorwerp wat soos 'n sirkel, vierkant of driehoek lyk, fokus.

4. **Oefen vorms:** Wys vir die leerders 'n sak met die attribuutblokke in.

Leidende vrae:

★ As die voorwerpe in die sak dieselfde vorm as dié in die storie het, watter vorms is dit?

★ Hoeveel vierkante/sirkels/driehoeke behoort in die sak te wees?

Een leerder voel in die sak. Leerders maak beurte om te sê: "Dit voel soos 'n _____ (sirkel/vierkant/driehoek)."

Leerders plaas die attribuutblok langs die bypassende groenteprent op die wiskundetafel.

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede: Dramatiseer die storie, *Hulle trek en trek*.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Het jy 'n vierkant in jou hand?* (bladsy 100)
- 3 houers met 8 sirkel-, 8 vierkant- en 8 driehoek- attribuutblokke (*Hulpbronstel*), en 2 kartondriehoeke, -vierkante, -sirkels in elk


WENK

Mondelinge tel: 1–15 en 5–1 kan tydens 'n oorgang gedoen word.

1. **Liedjie:** Leerders staan in 'n kring. Hulle gaan haal elk een vorm uit elkeen van die drie houers op die mat. Sing, *Het jy 'n vierkant in jou hand?* Leerders hou bypassende vorms op terwyl hulle sing.
2. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders organiseer hulself in drie groepe: een groep het sirkels, een groep het vierkante en een groep het driehoeke. Gee vir elke groep 'n houer. Hulle plaas hul vorms op die mat langs die houer.
3. **Oefen 1–4; meer as, minder as, gelyk aan:** Een leerder in elke groep plaas sewe van die groep se vorms in die houer terwyl die groep van 1 tot 7 tel. Leerders kyk na die drie vorms op die mat.

Leidende vrae:

★ Hoeveel vorms is daar op die mat?

★ Is daar meer of minder as vier?

★ Hoeveel vorms het julle nog nodig om 'n groep van vier te maak?

★ Kan julle nog 'n groep maak wat ewe veel vorms as hierdie groep het?



Beweeg tussen die drie groepe rond om leerders te ondersteun.

4. **Een meer, een minder:** Leerders gaan voort om met die vorms op die mat te werk.

Leidende vrae:

 - ★ Kan julle een groep een minder maak as die ander groep?
 - ★ Hoeveel vorms het die groep nou?
 - ★ Hoeveel meer vorms het die eerste groep?
5. **Oefen vorms en posisie:** Elke leerder hou 'n vorm vas. Gebruik instruksies met posisie-woorde, byvoorbeeld: "Dié met klein driehoek, stap sywaarts en plaas jul driehoek agter my stoel."
6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 4

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Het jy 'n vierkant in jou hand?* (bladsy 100)
- Maskeerband/bordkryt
- 'n Groot kartonsirkel, -vierkant, -driehoek (elkeen groot genoeg vir vier leerders om saam op te staan)
- Musiekinstrument
- 24 sirkel-, driehoek-, vierkant-attribootblokke (*Hulpbronstel*)
- Klein kartondriehoeke, -vierkante en -sirkels – twee van elk
- Kolkaarte en getalsimboolkaarte vir getalle 3 en 4 – vir 21 leerders

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Het jy 'n vierkant in jou hand?*, met vorms.
2. **Mondelinge tel:** 1–15 en 5–1. Gebruik maskeerband of bordkryt om 'n leer op die mat te maak waarlangs leerders kan spring terwyl die klas tel. Die leer kan met helder emaljeverf, buite in die Graad R-speelarea geverf word.



3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders sit in 'n kring. Plaas die groot kartonsirkel, -vierkant en -driehoek op die mat. Tel hoeveel reguit sye die driehoek en die vierkant elk het. Tel hoeveel daar altesaam is.



4. **Oefen vorms:** Steek vorms in die klaskamer weg. Leerders werk in groepe van vier en maak beurte om "Vorm-speurders" te wees om die vorms te soek.

Leerders beweeg op die maat van musiek tussen die drie groot vorms op die vloer. Wanneer die musiek ophou, gaan sit hulle rondom die vorm wat by die een pas wat hulle in die klaskamer gevind het.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel leerders dink julle sal saam op die sirkel/vierkant/driehoek kan staan?
 - ★ Sal meer leerders op die vierkant of op die sirkel kan pas? Waarom?
5. **Oefen 1–4; meer/minder:** Drie leerders staan op elk van die kartonvorms.



Leidende vrae:

- ★ Kan julle nog een leerder op jul kartonvorm inpas?
 - ★ As ons een minder leerder op die sirkel wil hê, wat moet ons doen?
6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 5

Wat jy nodig het

- Rympie: *Wielie-Walie, Rondomtalie* (bladsy 100)
- 1 groot bal
- Dieretellers (*Hulpbronstel*)
- 'n Klein "hindernisbaan" (sien foto hieronder)

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Wielie-Walie, Rondomtalie*, op.
2. **Mondelinge tel:** 1–15 en 5–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Plaas 'n groep van sewe dieretellers op die mat.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel diere dink julle is daar in hierdie groep?

Tel saam die dieretellers.

4. **Oefen posisie en rigting:** Stel 'n klein hindernisbaan op. Volg die leerders se instruksies om 'n dier deur die hindernisbaan te beweeg.

 WENK

Plaas die diere en hindernisbaan op 'n boks sodat dit gelig is en al die leerders dit kan sien.



Leidende vrae:

- ★ In watter rigting moet die perd stap om *bo-op* hierdie blok te kom?
- ★ In watter rigting moet die perd stap om *onder* die boks te kom?
- ★ Die perd wil *binne-in* hierdie blokkiesirkel staan. Hoe kan hy daar kom?
- ★ Is daar 'n ander manier om *uit* te kom?

Moedig die leerders aan om rigting- en posisie-woordeskat te gebruik.

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- 'n Groot speelgoedkar of pop
- Unifix-blokkies en sirkel-, vierkant- en driehoek-attribuutblokke (*Hulpbronstel*)
- 4 attribuutblokke: 1 driehoek, 1 vierkant en 2 sirkels (*Hulpbronstel*)
- Ronde deksels – 2 per leerder
- 'n Houer vir elke leerder met 4 attribuutblokke: driehoek/vierkante/sirkels (*Hulpbronstel*) (Wissel die kombinasie in elke houer af.)

1. **Mondelinge tel:** Klap en tel van 1–15. Stamp voete en tel van 5–1.
2. **Beskryf 'n voorwerp uit verskillende posisies:** Plaas 'n speelgoedkar of 'n pop op die mat. Vra leerders om te beskryf hoe dit lyk vanwaar hulle sit, byvoorbeeld: “Ek kan die agterkant van die pop se kop sien.”



Leidende vrae:

- ★ Hoe lyk dit van bo af?
- ★ Hoe lyk dit van onder die kar/pop af?

Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede: Bespreek aansigte van voorwerpe uit verskillende posisies gedurende daaglikse roetines, byvoorbeeld, 'n boek tydens storietyd.

3. **Tel voorwerpe van 1–7; ooreenkomste en verskille:** Plaas 'n stapel Unifix- en attribuutblokke op die mat. Leerders maak beurte om elk sewe items te tel. Bespreek hul keuse van items.

Leidende vrae:

- ★ Wat is dieselfde/verskillend omtrent die items in jou groep?
 - ★ Kan julle hierdie items sorteer?
 - ★ Vertel vir my hoe julle dit gesorteer het.
 - ★ Kan julle dit op 'n ander manier sorteer?
4. **Oefen vorms en posisie; op, onder, in en uit:** Leerders haal die attribuutblokke in hul houers uit en tel dit. Hulle sê hoeveel blokke soos sirkels, vierkante of driehoeke lyk.
Speel “Sizwe sê”. Byvoorbeeld:
 - ★ Sit jou vierkant onder jou voet.
 - ★ Sit jou sirkel op jou kop.
 - ★ Sit jou driehoek terug in die houer.



5. **Oefen 1–4; een meer/een minder:** Leerders speel die “skud-en-breek”-speletjie met vier tellers en twee deksels (Sien die onderwysergerigte aktiwiteit in Week 2, bladsy 25.)

Leidende vrae:

- ★ Het ek dieselfde getal tellers op elke deksel?
- ★ Hoeveel tellers het ek op elke deksel?
- ★ Hoeveel tellers het ek altesaam?
- ★ As ____ nog een teller op sy deksel pak, hoeveel sal daar wees?
- ★ As ____ een teller van sy deksel wegvat, hoeveel sal daar wees?
- ★ Watter groep het een meer as 2/3?
- ★ Watter groep het een minder as 4/3/2?



Maak seker leerders kan:

- ooreenkomste en verskille tussen voorwerpe verduidelik en dit sorteer
- 'n voorwerp uit verskillende aansigte beskryf
- 'n begrip van een meer en een minder toon
- 'n sirkel, vierkant en driehoek herken

Werkstasie 1

Wat jy nodig het

- Papieruitknipprente: sirkels, vierkante en driehoeke van verskillende groottes en kleure
- Papier
- Kryte
- 'n Vel A4-papier per leerder
- Gom

Leerders plak 'n vorm of vorms op hul papier. Hulle teken detail op of om die vorms om 'n prentjie te maak.



Werkstasie 2

Wat jy nodig het

- Speeldeeg
- Deegdruckers (vierkant, sirkel, driehoek)
- Plastiekmesse
- Deegmatte/-borde
- Plakkaat 11

Leerders gebruik hul deegdruckers om vierkante, sirkels en driehoeke uit speeldeeg te maak. Hulle skep 'n prent deur die vorms te gebruik.



Werkstasie 3

Wat jy nodig het

- Blokke en/of Unifix-blokkies

Leerders bou enigiets wat hulle wil met die blokke.

Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- Verskeie legkaarte met twaalf stukke elk

Leerders bou legkaarte.



Bied geleenthede sodat leerders met verskillende vermoëns teen hul eie pas kan werk.

Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe

Onderwerpe

- Herken getalsimbole en getalname
- Beskryf, vergelyk en orden getalle

Nuwe kennis

- Getal 5

Oefen

- Mondelinge tel van 1–15 en 5–1
- Tel voorwerpe van 1–7
- Getalkonsep 1–4
- Plaas getalle van 1–4 in volgorde
- Meer, minder

Nuwe wiskunde-woordeskat

getallelyn

orden

Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- getalfries en patroontemplant van huis vir die getal 5 (bladsy 105)
- 5 kolkaarte, getalsimbool- en getalnaamkaarte vir die getal "5" vir die wiskundetafel (bladsy 105)
- 5 groen kartonuitknipprente van sirkels (waarop 5 dieretellers kan pas)
- plakkaat van *Vyf klein woelwaters* uit Kwartaal 1, Week 9, aangepas om apies te gebruik
- getal-wasgoedlyn wat met tou, pennetjies en getalsimboolkaarte 1–5 gemaak is (sien Dag 3)
- 5 posbusse met getalsimbole 1–5 gemerk (sien Dag 4)
- speeldeeg-patroontemplant: Getal 5, per leerder (bladsy 107)
- 'n Vel A4-papier per leerder met 5 skilpadbesies daarop geteken (sien Werkstasie 2)
- 5 papierborde/deksels per leerder, elk met 'n getalsimbool en bypassende kolle van 1–5, byvoorbeeld, 1 en een kol, 2 en twee kolle (sien Werkstasie 3)
- 30 klippe
- kopieer getal-legkaarte (1 per leerder in 'n groep) en kleur die prente in (bladsy 111).



Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1

Wat jy nodig het

- Rympie: *Wielie-Walie, Rondomtalie* (bladsy 100)
- 2 hoelahoepels (of teken sirkels met bordkryt)
- 14 dieretellers (*Hulpbronstel*)
- Getalfriese 1–4
- Getalfries: *Getal 5* (bladsy 105)
- *Getal 5-storie* (bladsy 101)

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Wielie-Walie, Rondomtalie*, op.
2. **Mondelinge tel:** 1–15 en 5–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders sit in 'n kring. Plaas twee hoelahoepels op die mat. Sprei sewe dieretellers binne-in die een hoepel uit en plaas sewe dieretellers naby mekaar binne-in die ander hoepel.

Leidende vrae:


- ★ Hoeveel diere is in hierdie groep? En in hierdie groep?
 - ★ Watter groep het meer/minder diere?
- Tel saam die diere van 1–7 in elke hoelahoepel.

4. **Stel die getal "5" bekend:** Wys na die getalfriese 1–4 teen die muur.

Leidende vrae:

- ★ Watter huis het een dier meer as die meerkatte se huis?
- ★ Hoe weet julle dit?
- ★ Hoeveel meer diere woon in die huis wat ná die olifant se huis gebou is?
- ★ Hoeveel diere dink julle sal in die volgende huis woon?

Vertel die *Getal 5-storie*. Die diere se huis is die fokus van die storie. Wys die dele van die getalfries terwyl jy die storie van die diere en die prente van die huis uitbou: die verskillende voorstellings van die getal 5, byvoorbeeld, die prent, die kolle, die simbool en die woord. Stal die dele van die fries in die diere se huis teen die muur in die wiskunde-area uit. Tel saam die apies.



- ★ Wie het al apies gesien? Waar?
 - ★ Watter geluid maak 'n apie?
 - ★ Wys vir my hoe hulle beweeg.
 - ★ Hoeveel meer apies is daar as meerkatte?
 - ★ As een meerkat na die apies se huis toe gaan, hoeveel meerkatte sal in die meerkatte se huis oorbly?
5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 2

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Vyf klein apies* (bladsy 101) en prente
- Kol-, getalsimbool- en getalnaamkaarte vir die getal 5
- 3 kartonuitknipprente van sirkels
- 19 dieretellers (*Hulpbronstel*)
- 30 dieretellers, in die klaskamer weggesteek (1 per leerder)

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Vyf klein apies*.
2. **Mondelinge tel:** 1–15 en 5–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders sit in 'n kring. Plaas drie kartonsirkels op die mat, een met geen diere in nie, een met sewe diere uitgesprei, en een met sewe diere wat naby mekaar is.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel diere dink julle is daar in hierdie groep?

Wys na een van die groepe van sewe en tel die diere. Wys dan na die ander groep en vra: "Hoeveel diere?"

- ★ Watter van hierdie twee groepe het meer/minder/dieselfde aantal diere?

4. **Oefen 5:** Bespreek die drie groepe diere.

Leidende vrae:

- ★ As ek slegs vyf diere in elk van hierdie groepe wil hê, wat moet ek doen? (Neem twee uit elke groep weg.)

Plaas vier diere op die leë sirkel.

- ★ Hoeveel meer diere moet ons nog by hierdie groep voeg om dit vyf te maak?

5. **Dierejagtog:** Plaas 'n houër met stokkies uit die *Hulpbronstel* op die wiskundetafel vir leerders om "kampe" van vyf diere te maak. Plaas dieretellers uit die *Hulpbronstel* oral in die klaskamer. Leerders gaan op 'n "dierejagtog" om die diere te vind. Hulle plaas dit op die tafel in "kampe" van vyf.

Leidende vrae:

- ★ Wat kan ons met die diere doen wat nie in hierdie kampe pas nie? (Rangskik hulle individueel op die wiskundetafel.)

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.



Herinner leerders om stil en sag te beweeg sodat hulle nie die diere skrik maak nie.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Vyf klein apies* (bladsy 101) en prente
- 7 wasgoedpennetjies
- Getal-wasgoedlyn met getalkaarte 1–5 om met pennetjies vas te knyp
- Getalsimboolkaarte 1–5 (*Hulpbronstel*)
- 5 hoelahoepels

1. **Liedjie:** Leerders staan in 'n kring. Hulle dramatiseer die liedjie, *Vyf klein apies*.

2. **Mondelinge tel:** 1–15 en 5–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Vra sewe leerders om elk een voorwerp in die klaskamer te gaan haal. Plaas die voorwerpe op die mat. Rangskik leerders sodat hulle almal kan sien wat op die mat is.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel voorwerpe is daar op die mat?
- ★ Hoeveel voorwerpe sal oorbly as ons een wegneem? As ons nog een wegneem? As ons twee wegneem?
- ★ Hoeveel voorwerpe moet ons terugsit om weer vyf te hê? Hoeveel meer voorwerpe moet ons terugsit om sewe te hê?

4. **Oefen en orden getalle van 1–5:** Stel die getalwasgoedlyn bekend. Haal die getalkaarte van die wasgoedlyn af en gee dit vir vyf leerders. Leerders rangskik hulself in volgorde van 1 tot 5.

Leidende vrae:

- ★ Watter getal moet eerste, volgende, voor, daarna kom?

Draai 'n leerder om sodat ander leerders nie sy/haar getalkaart kan sien nie.

- ★ Watter getal kom tussen 2 en 4?



Plaas die getalsimbole 1–5 deurmekaar op die vloer. Vra leerders om jou te help om die kaarte in volgorde van 1 tot 5 met pennetjies op die wasgoedlyn vas te knyp. Leerders knyp die getalle op die lyn vas terwyl jy vrae stel.

- ★ Watter getal behoort eerste, volgende, daarna te kom?
- ★ Kan jy na die getal wys wat voor, tussen is?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 4

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Vyf klein apies* (bladsy 101) en prente
- 30 prent-, simbool- en kolkaarte vir getalle "1–5" (*Hulpbronstel*)
- Musiek of 'n musiekinstrument
- Getalwasgoedlyn met getalsimbole 1–5 met pennetjies vasgeknyp
- 5 posbusse, 1–5 gemerk
- Gekleurde tellers
- Kolkaarte vir die getal 5 (*Hulpbronstel*)

1. **Liedjie:** Dramatiseer *Vyf klein apies*.
2. **Mondelinge tel:** 1–15 en 5–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Klap enige getal kere tussen 1 en 7. Leerders tel die getal handeklappen en sê hoeveel daar was.

WENK

Gebruik die getalkaarte op die wiskundetafel as jy vir aktiviteit 4 meer vir elke leerder nodig het.

4. **Oefen 1–5:** Leerders roep die getal uit wanneer jy kolkaarte 1–5 wys. Bespreek watter kolkaarte 5 maak. Wys verskillende kombinasies kolle om 5 te maak. Kyk na die kolkaarte vir die getal 5 en bespreek wat dieselfde/verskillend omtrent elkeen is.

Deel 'n getalsimbool-, prent- of kolkaart met getalle 1–5 vir elke leerder uit. Wys na die getalfriese. Leerders hou hul kaart op as dit by die getal op die dierefriese pas terwyl jy daarna wys. Speel musiek of skud 'n tamboeryn. Leerders beweeg op maat van die musiek. Wanneer die musiek ophou, vorm hulle groepe leerders wat getalkaarte het wat bymekaar pas.

Plaas posbusse met 1–5 onder die wasgoedlyn. Leerders pos hul kaarte in die korrekte posbusse wanneer die musiek ophou.



Leidende vrae:

- ★ Watter groep behoort hul getalle eerste, laaste, ensovoorts, te pos? Waarom?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 5

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Vyf klein apies* (bladsy 101) en prente
- Plakkaat 2
- Tamboeryn

1. **Liedjie:** Dramatiseer *Vyf klein apies*.
2. **Mondelinge tel:** 1–15 en 5–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Herhaal die tel-aktiwiteit wat jy op Dag 4 gedoen het.
4. **Oefen 1–5:** Gebruik die tamboeryn om tellings van 1 tot 5 te slaan. Leerders spring op maat van die tamboeryn. Tussen spronge gee jy instruksies deur die getalle van 1–5 te gebruik. Byvoorbeeld: “Skud hand met drie maats.” “Pas vyf vingers op jou een hand by vyf vingers op jou maat se hand.”
5. **Oefen 4 en 5:** Bespreek Plakkaat 2. Praat oor dit wat die leerders kan sien.

Leidende vrae:

- ★ Lyk ons speelgrond soos hierdie een?
- ★ Is daar enigiets wat dieselfde/verskillend is?
- ★ Watter speletjies speel die kinders?

Tel saam hoeveel kinders elke speletjie speel. Kies leerders om daarna te wys terwyl jy vrae stel.

- ★ Kan julle die getalle 4 en 5 sien?
- ★ Hoeveel kinders speel Hasie/Eenbeentjie? En in die motorbande?

- ★ As nog een kind saam met hierdie kinders kom speel, hoeveel kinders sal daar wees?
- ★ Hoeveel voorwerpe is daar in die sandput?
- ★ As ons nog een voorwerp bysit/uithaal, hoeveel voorwerpe sal daar wees?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede: Wanneer julle speletjies buite speel, verwys na byvoorbeeld, vyf balle, vyf keer, vyf gooibeurte, vyf vangbeurte.



Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- 2 plastiekdeksels per leerder
- Kolkaart vir die getal 5
- Speeldeeg en 'n mat per leerder
- 'n Vel A4-papier per leerder
- Kryte
- 'n Houer per leerder met:
 - Kol-, getalsimbool- en getalnaamkaart vir die getalle 1–5
 - 5 klippe
 - Rooi en geel krale (*Hulpbronstel*)

1. **Bypassende kolkaart:** Wys vir leerders 'n kolkaart vir die getal 5. Hulle rangkik hul klippe om daarby te pas. Herhaal met die ander rangskikkings van vyf kolle.



2. **Oefen 5:** Leerders tel vyf klippe uit hul houers. Hulle pas hul getalnaam- en getalsimboolkaarte vir 5 by die vyf klippe. Plaas twee deksels voor elke leerder. Speel die "skud-en-breek"-speletjie vir die getal 5 saam. Leerders pak hul klippe op die twee deksels voor hulle soos hulle die versameling "opgebreek" het. Hulle maak beurte om te sê hoeveel klippe hulle op elke deksel het.



Leidende vrae:

- ★ Hoe het julle die klippe opgebreek?
- ★ Wie het iets anders gedoen?

Herhaal die aktiviteit. Wys een leerder se deksels vir die groep.

- ★ Wie het dieselfde?

Kies 'n bypassende stel deksels en vergelyk dit met mekaar.

- ★ Wat is dieselfde/verskillend omtrent hierdie twee groepe?

3. **Struktuurkrale:** Leerders wys die getal krale wat jy vir hulle vra om te wys.

Leidende vrae:

- ★ Kan julle vir my twee krale wys?
- ★ Kan julle vir my een meer wys?
- ★ Kan julle vir my een minder wys?

Hou twee krale in jou hand.

- ★ Hoeveel meer/minder krale het julle nodig om drie/vier/vyf te maak?

Moedig leerders aan om nie die krale een op 'n slag te tel nie, maar om eerder vir jou die getal krale waarvoor jy vra, te wys. Die krale help die leerders om van 'n gekose getal aan te tel.



4. **Oefen 5 deur speeldeeg te gebruik:** Leerders maak 'n 5 uit speeldeeg. Help leerders wat gereed is om 5 te skryf.





Maak seker leerders kan:

- kol-, getalsimbool- en getalnaamkaarte vir die getal 5 herken
- tellers by kolkaarte vir die getal 5 pas
- ooreenkomste en verskille tussen twee groeperings van vyf voorwerpe raaksien
- een meer, een minder wys
- van 'n gegewe getal, tot by 5, aan tel



Werkstasie 1

Wat jy nodig het


- Speeldeeg
- Speeldeeg-patroontemplant: Getal 5 per leerder (bladsy 107)

Leerders gebruik speeldeeg om die speeldeeg-patroontemplant vir die getal 5 te voltooi.

Werkstasie 2

Wat jy nodig het

- 'n Kopie van die vel A4-papier met 5 skilpadbesies daarop geteken per leerder
- Stukkies afvalpapier
- Gom



Leerders rol papierballetjies. Hulle versier die skilpadbesies met die toepaslike getal balletjies.

Werkstasie 3

Wat jy nodig het

- 15 wasgoedpennetjies en tellers per leerder
- 'n Stel borde of deksels wat van 1–5 genommer is per leerder



Leerders knyp die toepaslike getal pennetjies aan elke bord/deksel vas. Hulle plaas 'n teller op elke kol.

Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- 1 stel getal-legkaarte van 1–5 per leerder (bladsy 111)

Leerders voltooi die getal-legkaarte.

Fokus van Inhoudsarea: Patrone, Funksies en Algebra

Onderwerpe

- Kopieer eenvoudige, herhalende patrone en brei dit uit
- Skep eie patrone
- Beskryf die herhaling in patrone

Nuwe kennis

- Kopieer eenvoudige, herhalende patrone en brei dit uit
- Skep en verduidelik eie patroon
- Mondelinge tel van 1–20
- Tel terug van 7–1

Oefen

- Tel voorwerpe van 1–7
- Getalkonsep 1–5
- Plaas getalle van 1–5 in volgorde
- Maak groepe dieselfde

Nuwe wiskunde-woordeskat

gaan voort

voortsit

dieselfde


Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- 30 kaarte met groot rooi, geel, blou, groen en oranje sirkels (6 van elk)
- 7 prente van aartappels
- 'n groot vel papier met 'n buitelyn van 'n boom met 7 blare (3 groot en 4 klein), in 'n patroon: groot, klein, klein, groot, klein, klein, groot
- 7 ander uitknipprente van blare
- 6 rooi en 4 geel uitknipprente van blomme
- 4 groepe instrumente/voorwerpe wat klank voortbring (byvoorbeeld, klokkies, rammelaars, stokkies, tromme) – 1 per leerder
- 3 prente van elk van die 4 instrumente/voorwerpe wat klank voortbring (12 altesaam)
- tou en 12 wasgoedpennetjies
- patroonkaart vir Unifix-blokkies – 1 per leerder vir 2 groepe
- 'n vel A4-papier met vormpatrone wat uitgebrei moet word per leerder
- 'n A4-slang-vorm en 'n vel A4-papier met sirkels, vierkante en driehoeke – 1 elk per leerder

WENK

Kies 'n tema-verwante dier of voorwerp in plaas van 'n slang.



- patroonkaart vir krale inryg (die krale op die patroonkaart moet, wat grootte en kleur betref, lyk soos dié wat gebruik gaan word – sien Werkstasie 4).

Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1

Wat jy nodig het

- Rympie: *Een aartappel, twee aartappels* (bladsy 102)
- 7 prente van aartappels
- Plakkaat 7

1. **Telrympie:** Sê die rympie, *Een aartappel, twee aartappels*, op.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders sit in 'n kring. Plak die sewe prente van aartappels op.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel aartappels sien julle?

Herhaal die rympie terwyl jy na elke aartappel wys.

4. **Kopieer en brei patrone uit:** Fluister in ses leerders se oor om soos volg te sit: met reguit bene, kruisbeen, reguit bene, kruisbeen, reguit bene, kruisbeen.

Leidende vrae:

- ★ Wat kan julle vir my vertel van die manier waarop hierdie leerders sit?
- ★ Is dit 'n patroon?
- ★ Wat laat julle so sê?
- ★ Wat is hierdie patroon?

Raak aan elke leerder terwyl die klas dreunsing: "Reguit bene, kruisbeen ..."

- ★ Hoe kan ons hierdie patroon op dieselfde manier voortsit?

Voeg nog leerders by.

Fluister 'n nuwe patroon vir ses ander leerders: een sit, twee staan, een sit, twee staan. Stel vrae oor hierdie patroon en vra leerders om die patroon uit te brei.

5. **Herken patrone in 'n prent:** Bespreek Plakkaat 7.



Leidende vrae:

- ★ Watter patrone kan julle in hierdie prent sien? Verduidelik waarom dit 'n patroon is.
- ★ Wat kan julle sien waarop daar nie 'n patroon is nie?
- ★ Hoe weet ons of iets 'n patroon is?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 2

Wat jy nodig het

- Rympie: *Een aartappel, twee aartappels* (bladsy 102)
- 7 prente van aartappels
- 30 kaarte met gekleurde sirkels

1. **Telrympie:** Sê die rympie, *Een aartappel, twee aartappels*, op.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Herhaal die rympie en wys na die sewe prente van aartappels.
4. **Herken patrone in alledaagse voorwerpe:** Leerders soek patrone op hul klere en in die klaskamer.

Leidende vrae:

- ★ Waarom sê julle dat dit 'n patroon is?
 - ★ Wat sien julle wat herhaal word?
 - ★ Wat sal volgende kom in die patroon?
5. **Oefen patrone:** Gee vir elke leerder 'n kaart met 'n gekleurde sirkel. Hulle vind ander leerders met bypassende kaarte en vorm groepe.

Leidende vrae:

- ★ Wat is dieselfde/verskillend omtrent jul kaarte?
- ★ Is daar meer/minder rooi sirkels as groen sirkels?
- ★ Hoe weet julle dit?

Lei leerders met rooi en blou kaarte om die volgende patroon met hul kaarte te vorm: rooi, rooi, blou, blou, rooi, rooi, blou, blou.

Leerders brei die patroon uit.

- ★ Watter patroon sien julle?
- ★ Watter ander patrone kan ons maak?

Lei leerders om hulself op grond van hul voorstelle te rangskik.

- ★ Wat sal volgende kom?
 - ★ Wat kom voor dit?
 - ★ Hoe kan ons op dieselfde manier voortgaan?
6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie. Leerders plaas hul kaarte op die wiskundetafel volgens die kleur wat jy sê wanneer hulle na hul werkstasies beweeg.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Rympie: *Een aartappel, twee aartappels* (bladsy 102)
- 1 los blaar
- Prent van 'n boom met 6 blare in 'n patroon gerangskik (soos beskryf op bladsy 53)
- Wondergom
- 3 groot en 3 klein blare
- 6 rooi en 4 geel uitknipprente van blomme

1. **Telrympie:** Leerders staan in groepe van vier tot agt. Hulle doen die aksies in die telrympie en -speletjie, *Een aartappel, twee aartappels*, terwyl die hele klas die woorde van die rympie saam opsê.



Gebruik regte blare, indien moontlik. Plaas dit op die wiskundetafel vir leerders om patrone mee te maak.

2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Kyk na die boom met ses blare wat in 'n patroon gerangskik is.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel blare is daar aan hierdie boom?
- ★ Hoeveel blare sal daar wees as ek nog een blaar byvoeg?

Voeg nog 'n blaar by. Tel saam die blare.

4. **Probleemoplossing van 1–5 met behulp van patrone:** Plaas vier uitknipprente van blomme in 'n ry onder die boom in 'n patroon van rooi, geel, rooi, geel.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel blomme is daar?
- ★ Kan julle 'n patroon sien? Vertel vir my van die patroon.
- ★ Watter kleur is die eerste/tweede/derde/vierde blom?
- ★ Watter kleure moet ek volgende byvoeg om die patroon voort te sit?
- ★ Hoeveel blomme is daar nou?
- ★ Is daar meer/minder rooi blomme of geel blomme?
- ★ As ons hierdie patroon voortsit, hoe sal dit lyk?

Plaas ekstra uitknipprente van blomme op die wiskundetafel sodat leerders dit gedurende die dag kan gebruik.

5. **Kopieer en brei patrone uit:** Leerders vorm 'n klank-en-aksiepatroon, byvoorbeeld: klap, tik, klap, tik.

Leidende vrae:

- ★ Wat het julle gehoor en gesien?
- ★ Is dit 'n patroon? Waarom/waarom nie?

Herhaal saam die patroon.

- ★ Wat let julle op omtrent hierdie patroon?
- ★ Wat kom na die klap?
- ★ Kan julle met die patroon voortgaan?

Verander die patroon, byvoorbeeld: hop, hop, klap, klap, hop, hop, en bespreek dit.

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 4

Wat jy nodig het

- Rympie: *Een aartappel, twee aartappels* (bladsy 102)
- Prent van 'n boom met 6 blare in 'n patroon gerangskik
- 7 ander blare
- Alledaagse voorwerpe, soos penne, potlode, boeke, lepels en vurke, om patrone mee te maak
- 6 houers, elk met 30 gekleurde stokkies (*Hulpbronstel*)

1. **Telrympie:** Speel die telspeletjie, *Een aartappel, twee aartappels*.

2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Kyk na die prent van die boom met die ses blare, en die sewe blare op die mat.
Leidende vrae:
 - ★ Is daar meer/minder blare aan die boom of op die mat?

Tel saam die blare.
4. **Kopieer en brei patrone uit:** Leerders identifiseer die patroon van die blare aan die boom.
Leidende vrae:
 - ★ Hoe sal ons voortgaan met hierdie patroon?

Hulle bespreek patrone wat hulle op hul klere sien. Maak 'n klank-en-aksiepatroon soos op Dag 3.
5. **Oefen patrone:** Maak patrone met alledaagse voorwerpe, byvoorbeeld: viltpen, potlood, viltpen, potlood. Stel leidende vrae oor die patroon. Leerders moet die patroon beskryf en uitbrei.

Leerders sit in groepe van vyf. Gee vir elke groep 'n houër met gekleurde stokkies. Leerders tel elk ses stokkies. Hulle skep hul eie patrone en bespreek dit saam. Beweeg tussen die groepe rond om ondersteuning te gee.
6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie. Leerders plaas die stokkiespatrone op die wiskundetafel wanneer hulle na hul werkstasies beweeg.

Dag 5

Wat jy nodig het

- Rympie: *Een aartappel, twee aartappels* (bladsy 102)
- Tou en 12 wasgoedpennetjies
- 4 groepe instrumente/voorwerpe wat klank voortbring (byvoorbeeld klockies, rammelaars, stokkies, tromme) – 1 per leerder
- 3 prente van elk van die 4 voorwerpe wat klank voortbring

1. **Telrympie:** Speel die telspeletjie, *Een aartappel, twee aartappels*.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders sit in 'n kring. Plaas 'n groep met sewe rammelaars en 'n groep met sewe klockies op die mat.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel musiekinstrumente dink julle is daar in hierdie groep?
- ★ En in hierdie groep?
- ★ Watter groep dink julle het meer/minder?

Tel saam die instrumente.

- ★ Wie het die korrekte getal gesê?

Voeg twee ander groepe instrumente by. Leerders gaan haal instrumente en al die leerders met dieselfde instrumente sit langs mekaar in die kring.



WENK

Vra leerders om hul hande op hul skoot te hou, met die instrumente op die vloer voor hulle. Hulle moet dit nie "wakker maak" voordat elke leerder 'n instrument het nie.

Leidende vrae:

- ★ As daar sewe rammelaars is, hoeveel leerders moet ons tel sodat elke leerder een het?
- ★ Hoeveel leerders bly oor wat nie 'n instrument het nie? (Vir die laaste groep.) Gee vir hierdie leerders 'n instrument.

4. **Klankpatrone:** Wys vir leerders vier prentkaarte van die vier groepe instrumente. Hulle speel hul instrumente terwyl jy die kaarte een-een wys. Knyp die kaarte in verskillende patrone aan die wasgoedlyn vas sodat hulle dit kan volg. Hulle speel terwyl jy wys.

Leidende vrae:

- ★ Watter patroon sien julle?
- ★ Hoe sal hierdie patroon voortgaan?
- ★ Watter prent kom volgende?
- ★ Watter groep sal eerste/laaste in hierdie patroon speel?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede: Kunsaktiwiteite wat op patroon fokus (byvoorbeeld: ritmiese patrone, klankpatrone vir laag en hoog, maak en versier van prentrame), teken patrone wat fynmotoriese vaardighede ontwikkel as deel van Ontluikende Handskrif.

Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- Getal-wasgoedlyn met kaarte van 1–5 in die verkeerde volgorde
- 2 plastiekdeksels/papierborde per leerder
- Unifix-blokkies volgens kleur in houters gesorteer
- 'n Houer per leerder, elk met:
 - Struktuurkrale
 - 5 Unifix-blokkies
 - 'n Patroonkaart vir Unifix-blokkies

1. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
2. **Oefen 5; struktuurkrale:** Leerders gebruik die krale in hul houters.

Leidende vrae:

- ★ Is daar ewe veel rooi en geel krale? Hoe weet julle dit?
- ★ Tel die rooi krale. Hoeveel is daar?
- ★ Tel die geel krale. Hoeveel is daar?
- ★ Wys vir my twee. Wys vir my een meer. Wys vir my een minder.
- ★ Hou vier krale vas. Hoeveel meer krale het julle nodig om vyf te wys?



Leerders tel aan tot by vyf deur by verskillende getalle te begin. Hulle hou byvoorbeeld drie krale vas en tel aan van daar tot by vyf.

3. **Oefen 1–5; getallelyn:** Kyk saam na die getalkaarte van 1–5 op die wasgoedlyn.

Leidende vrae:

- ★ Wat moet ons doen om hierdie getalle in die korrekte volgorde te plaas?
- ★ Watter kaart moet eerste, tweede, derde, vierde en vyfde kom?
- ★ Watter getal kom voor/na 4?

4. **Oefen 1–5; Unifix-blokkies:** Leerders tel elkeen vyf Unifix-blokkies. Hulle skud en breek dit op die twee deksels voor hulle.

Leidende vrae:

- ★ Wat kan julle doen om ewe veel blokkies op elke deksel te hê?
- ★ Het julle meer blokkies nodig om dit te doen?
- ★ Is daar 'n ander manier?
- ★ Wat sal gebeur as ek een van julle blokkies van hierdie deksel wegvat? Sal julle groepe nog steeds dieselfde/gelyk wees?

Neem 'n blokkie weg van een van die deksels van elke leerder.

- ★ Wat het julle nodig om jul groepe weer dieselfde/gelyk te maak?

5. **Oefen patrone:** Skep 'n patroon met Unifix-blokkies. Bespreek die patroon met die leerders. Plaas houers met Unifix-blokkies op die mat. Leerders gebruik die Unifix-blokkies om die patroon te kopieer. Leerders werk saam met 'n maat om 'n patroon met die Unifix-blokkies te skep. Elke leerder kies 'n kleur wat hulle wil byvoeg. Hulle maak beurte om 'n kleur by te voeg om die patroon uit te brei. Leerders gebruik die Unifix-blokkies en kopieer patroonkaarte.

Leidende vrae:

- ★ Watter patroon sien julle op jul kaarte?
- ★ Hoe kan julle hierdie patroon voortsit?
- ★ Hoeveel van elke kleur blokkie het julle nodig vir elke deel van hierdie patroon?

6. **Skep en verduidelik patrone:** Leerders skep hul eie patroon deur die Unifix-blokkies te gebruik. Hulle verduidelik hul patroon vir die groep.

Leidende vrae:

- ★ Kan jy vir ons van jou patroon vertel?
- ★ Kan jy verduidelik wat jy herhaal het?



Maak seker leerders kan:

- mondeling van 1–20 en van 7–1 tel
- aan tel tussen 1 en 5 deur die struktuurkrale te gebruik
- getalle van 1–5 orden
- groepe dieselfde/gelyk maak tot by 5
- patrone herken, kopieer en uitbrei
- hul eie patrone skep en verduidelik



Werkstasie 1

Wat jy nodig het

- 'n Vormpatroonblad per leerder
- Potloodkryte

Leerders brei patrone uit. As leerders dit te uitdagend vind om te teken, laat hulle die attribuutblokke uit die *Hulpbronstel* gebruik.

Werkstasie 2

Wat jy nodig het

- 1 patroontemelaar van 'n slang
- 1 vormpatroonblad per leerder (sien bladsy 53)



Leerders knip die vorms uit en plak dit in 'n patroon op die slang.

Werkstasie 3

Wat jy nodig het

- Patroonkaart vir Unifix-blokkies
- Unifix-blokkies

Leerders gebruik die Unifix-blokkies om patrone te kopieer.

Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- 'n Houer per leerder met:
 - Tou en krale om in te ryg
 - Patroonkaart van kralepatrone



Leerders ryg die krale volgens die patroonkaart in.

Fokus van Inhoudsarea: Datahantering

Onderwerpe

- Versamel en sorteer voorwerpe
- Stel gesorteerde versamelings voorwerpe voor
- Bespreek en doen verslag oor gesorteerde versamelings voorwerpe

Nuwe kennis

- Versamel, sorteer en stel versamelings voorwerpe voor
- Ontleed en doen verslag oor data

Oefen

- Mondelinge tel van 1–20 en 7–1
- Tel voorwerpe van 1–7
- Getalkonsep 1–5
- Meer as, minder as, gelyk aan
- Sortering en klassifisering
- Vorms: sirkel, vierkant, driehoek

Nuwe wiskunde-woordekat

ooreenkomste

piktogram

Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- 10 afsonderlike klein prente van vliegtuie
- 1 prent van 'n sirkel en 1 van 'n vierkant
- 7 sirkels en 5 vierkante van A4-grootte
- 2 klein prente elk van: taxi, motor, bus en persoon wat stap (almal dieselfde grootte)
- klein kaartjies van 5 cm × 5 cm met 'n glimlaggende gesiggie (almal dieselfde grootte) – 2 per leerder (sien Dag 3 en Dag 4)
- 2 groot velle papier vir piktogramme, elk met 4 kolomme
- 'n versameling konstruksie-speelgoed van hout en plastiek, byvoorbeeld, blokkies, Lego
- tydskrifte met prente van vervoermiddels
- 1 vel A4-grafiekpapier (4 kolomme en 6 rye) per leerder: Die linkerkantste kolom het getalsimbole en kolle vir getalle 1–5. Die onderste ry het 'n kleur in elke blokkie – rooi, blou en geel
- 'n vel grafiekpapier met vorms, verskillend vir elke leerder (Elke vel moet vyf kolomme met byskrifte onderaan hê, byvoorbeeld, 2 sirkels, 3 vierkante, 1 driehoek, 2 vierkante, 1 sirkel, met 'n spasie bo elkeen (sien Werkstasie 3))
- uitknipprente van sirkels, vierkante en driehoeke uit vorige weke – nagenoeg 12 per leerder.



Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1

Wat jy nodig het

- 'n Prent (A4-grootte) van 'n sirkel en 'n vierkant vir die wiskundetafel
- Sirkelvormige voorwerpe (byvoorbeeld, koppies, vullismandjie, jogurtbakkies, deksels) in die klaskamer weggesteek
- Vierkantige en reghoekige voorwerpe (byvoorbeeld, bokse, dobbelstene, blokkies, kosblikke) in die klaskamer weggesteek

1. **Rympie:** Leerders kies 'n liedjie of rympie uit vorige weke om te sing of op te sê.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders gaan op 'n skattejag om die voorwerpe in die klaskamer te soek wat soos sirkels, vierkante of reghoeke lyk. (Maak seker dat jy genoeg voorwerpe het sodat daar een per leerder is.) Leerders plaas die voorwerpe in die middel van die mat en sit in 'n kring. Sorteër saam die voorwerpe in twee groepe: een met voorwerpe wat sirkelvormig is en 'n ander met voorwerpe wat hoeke, plat sye en reguit rande het (vierkantige en reghoekige voorwerpe). Bespreek waarom die voorwerpe in hierdie groepe gesorteer is. Fokus op die kenmerke van die voorwerpe en bespreek die vorm.

Leidende vrae:

- ★ Bevat hierdie groep meer of minder as sewe voorwerpe?

Tel saam sewe voorwerpe wat sirkelvormig is en wys uit dat daar altesaam meer as sewe sirkelvormige voorwerpe in daardie groep is. Herhaal dit met die ander groep met reghoekige en vierkantige voorwerpe. Plaas die sewe voorwerpe van elke groep op die wiskundetafel langs die prente van die sirkel en vierkant/reghoek.

4. **Sortering; meer as, minder as, gelyk aan:** Kyk na die voorwerpe wat oorbly.

Leidende vrae:

- ★ Dink julle daar is meer voorwerpe wat soos sirkels lyk, of meer voorwerpe wat reguit rande en hoeke het?

- ★ Wat moet ons doen om uit te vind?

Sorteer saam die voorwerpe in twee groepe en gesels daaroor.

- ★ Dink julle hierdie twee groepe bevat ewe veel voorwerpe?
- ★ Watter van hierdie twee groepe dink julle het meer/minder voorwerpe?
- ★ Wat is die kleinste/grootste voorwerpe in hierdie groep?
- ★ Watter verskillende kleure kan julle in hierdie groep sien?
- ★ Waarvan is die voorwerpe in hierdie groep gemaak?
- ★ Op watter ander manier kan ons hierdie voorwerpe sorteer?

WENK

Kenmerke van 3D-voorwerpe sluit in lengte, breedte en hoogte. Gesels oor sye, rande en hoeke.

WENK

Om leerders te help terwyl hulle sorteer, gee vir hulle twee groot houers, een met 'n prent van 'n vierkant en 'n reghoek en 'n ander een met 'n prent van 'n sirkel daarop.

Leerders sorteer voorwerpe in groepe, soos deur die klas besluit. Los die voorwerpe in die wiskunde-area sodat leerders dit verder kan verken.

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 2

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Klein vliegtuigies* (bladsy 102)
- 10 prente van vliegtuie
- 7 klein speelgoedkarretjies/-vragmotors
- Plakkaat 8
- 7 groot sirkels, 5 groot vierkante

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Klein vliegtuigies*. Wys die prente van die vliegtuie.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders sit in 'n kring. Plaas sewe speelgoedkarretjies of -vragmotors op die mat.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel voertuie dink julle is daar?

Tel saam die karretjies of vragmotors van 1 tot 7.

4. **Insameling van data, sortering:** Leerders staan in 'n kring. Roep verskillende vrae uit oor hoe leerders op daardie dag skool toe gekom het. Stel vrae op grond van dit wat jy van jou leerders se ervarings weet en hoe hulle skool toe kom.

Leidende vrae:

- ★ Het julle vandag skool toe gestap?
- ★ Het julle vandag in 'n motor skool toe gekom?
- ★ Het julle vandag in 'n taxi skool toe gekom?
- ★ Het julle vandag met 'n bus skool toe gekom?

Leerders wat ja antwoord, kom staan in die kring. Bespreek die leerders se antwoorde.


- ★ Wie het slegs een keer in die kring kom staan?
- ★ Wie het meer as een keer in die kring kom staan? Waarom?

Leerders dink aan ander idees wat op vervoer gegrond is, en roep kategorieë uit.

5. **Praat oor verskillende soorte vervoermiddels:** Bespreek Plakkaat 8. Praat oor watter soort vervoermiddels die leerders kan sien.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel soorte vervoermiddels kan julle sien?
- ★ Is daar meer/minder op die grond of in die lug?
- ★ Wat is dieselfde omtrent die vervoermiddels op die grond?



WENK

As leerders nie in hierdie kategorieë pas nie, stel voor dat hulle die vervoermiddel kies wat hulle die meeste gebruik of selfs een keer in die verlede gebruik het om skool toe te kom.

- ★ Hoe verskil dit van mekaar?
- ★ Hoeveel voertuie het vier wiele en hoeveel het twee wiele?
- ★ Watter soort vervoermiddels het twee wiele?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Klein vliegtuigies* (bladsy 102)
- 10 prente van vliegtuie
- 7 speelgoedbote
- 4 klein prente: persoon wat stap, 'n taxi, 'n motor, 'n bus
- Klein kaartjies met glimlaggende gesiggies (almal dieselfde grootte) – 1 per leerder
- Voorbereide piktogram-bladsy

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Klein vliegtuigies*.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders sit in 'n kring. Herhaal die tel-aktiwiteit van Dag 2, maar gebruik bote in plaas van karretjies en tel van 1 tot 7. Plaas die bote op die wiskundetafel sodat die leerders dit volgens kleur kan sorteer.

Nota: As jy nie bote het nie, kan dit uit polistireenbakkies gemaak word, met 'n stokkie wat in die middel ingedruk word en 'n papier vir 'n seil. Die seile kan verskillende kleure wees.



4. **Versamel data:** Bespreek hoe leerders daardie dag skool toe gekom het.

Leidende vrae:

- ★ As ons wil weet of meer leerders met 'n taxi skool toe kom as dié wat stap of met 'n motor of bus ry, wat moet ons doen?

Wys vier prente van verskillende vervoermiddels en vra leerders wat dit voorstel. Plaas dit op elk van die vier hoeke van die mat. Leerders gaan haal 'n glimlaggende gesiggie uit 'n houer op die mat en sit langs die prent wat voorstel hoe hulle skool toe kom.

Leidende vrae:

- ★ Watter groep dink julle het die meeste leerders?
- ★ Watter groep het die minste leerders?

5. **Voorstelling van data; meer as, minder as, gelyk aan:** Vra leerders hoe hulle 'n prent kan maak van hoeveel leerders elke soort vervoermiddel gebruik. Lei hulle om die vier prente van vervoermiddels in vier kolomme te plaas om 'n piktogram te maak. Leerders plaas hul kaartjies met die glimlaggende gesiggies in die gepaste kolom bo die korrekte vervoermiddel om die piktogram te voltooi. Die kaartjies moet aan mekaar raak, sonder enige spasies tussenin (sien bladsy 65).

WENK


Die vraag oor verskillende vervoermiddels moet gepas wees vir die konteks van jou leerders.

WENK

Leerders se kaartjies moet ewe groot wees.

6. **Interpreteer data:** Kyk na die piktogram.**Leidende vrae:**

- ★ Kom meer leerders met 'n taxi as met enige ander vervoermiddel skool toe?
- ★ Hoe weet julle dit?
- ★ Kom meer leerders met 'n motor of met 'n bus skool toe?
- ★ Hoe weet julle dit?
- ★ Stap meer leerders skool toe of kom meer met 'n motor skool toe?

7. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.**Dag 4****Wat jy nodig het**

- Liedjie: *Klein vliegtuigies* (bladsy 102)
- 10 prente van vliegtuie
- Piktogram van vervoermiddels uit Dag 3
- Nog 'n piktogram, soos op Dag 3, met dieselfde vier prente van vervoermiddels
- Klein kaartjies met glimlaggende gesiggies (almal dieselfde grootte) – 1 per leerder
- Bote en karretjies van die wiskundetafel

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Klein vliegtuigies*.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders sit in 'n kring. Fluister "6 bote" in 'n leerder se oor. Hy/sy gaan haal 6 bote van die wiskundetafel af en plaas dit op die mat. Fluister "7 karretjies" in 'n ander leerder se oor. Hy/sy doen dieselfde as die eerste leerder. Leerders skat hoeveel voorwerpe daar in elke groep is. Tel saam die voorwerpe van 1 tot 6 en van 1 tot 7.
4. **Interpreteer data:** Bespreek die inligting in die piktogram wat leerders op Dag 3 voltooi het.

Leidende vrae:

 - ★ Wat het ons gister gedoen om vas te stel hoe julle almal skool toe kom?
 - ★ Met watter vervoermiddel kom die meeste leerders skool toe?
 - ★ Watter vervoermiddel word deur die minste leerders gebruik?
5. **Oefen insameling van data en voorstelling van data:** Bespreek of die leerders 'n ander soort vervoermiddel gebruik het om vandag skool toe te kom. Maak 'n piktogram soos op Dag 3, aktiwiteite 4 en 5. Vergelyk die piktogramme vir Dag 3 en Dag 4 met mekaar.

Leidende vrae:

- ★ Wat sien julle op ons piktogram van vervoermiddels vir vandag?
- ★ Wat is dieselfde as gister?
- ★ Wat is anders as gister?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 5**Wat jy nodig het**

- Liedjie: *Klein vliegtuigies* (bladsy 102)
- 10 prente van vliegtuie
- 'n Versameling konstruksie-speelgoed van hout en plastiek, byvoorbeeld, blokkies, Lego

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Klein vliegtuigies*.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders staan in 'n kring. Raak aan sewe leerders terwyl die klas van 1–7 tel. Leerders gaan sit wanneer jy aan hulle raak. Beweeg om die kring totdat almal 'n beurt gehad het. Wanneer jy by die laaste groep kom, skat leerders of daar steeds sewe leerders staan voordat julle tel.
4. **Sorteer, klassifiseer en vergelyk:** Wys vir die leerders 'n plastiek-voorwerp en 'n houtvoorwerp in die klaskamer, byvoorbeeld, 'n houtblokkie en 'n Lego-blokkie.

Leidende vrae:

- ★ Wat kan julle vir my van hierdie voorwerpe vertel?

Nooi 'n paar leerders om aan die voorwerpe te vat en dit te beskryf.

- ★ Hoe voel dit?
- ★ Wat is dieselfde of verskillend daaromtrent?

Plaas 'n versameling hout- en plastiekblokkies en konstruksie-speelgoed op die mat. Leerders neem almal 'n voorwerp uit die groep. Vra die leerders om twee groepe te maak, een met houtvoorwerpe en een met plastiekvoorwerpe.

- ★ Watter groep dink julle het meer/minder?
- ★ Het enigiemand enigiets in hul groep wat presies dieselfde is? Wat is dieselfde?
- ★ Op watter ander manier kan ons hierdie items sorteer?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede: Leerders gebruik die konstruksie-speelgoed om karretjies, bote, taxi's en ander voertuie te maak. Hulle maak groepe hiervan om op die wiskundetafel te plaas en gesels oor die voertuie wat hulle gemaak het en die groepe waarin hulle dit gesorteer het.



Kleingroepaktiwiteit

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- 60 dieretellers (*Hulpbronstel*)
 - 'n Vel A4-grafiekpapier per leerder
 - 'n Houer per leerder met rooi, geel en blou diere, in groepe van 5, 4 en 3 diere (*Hulpbronstel*)
- (Wissel die kombinasies vir elke leerder af, byvoorbeeld, 5 rooi, 4 geel en 3 blou diere.)
- Rooi, geel en blou kryte

1. **Tel voorwerpe van 1–7:** Plaas die dieretellers op die mat. Elke leerder kies en tel sewe diere uit.

Leidende vrae:


- ★ Is daar enigiets wat dieselfde/verskillend is omtrent die diere in jou groep?
- ★ Het jy enige diere wat dieselfde is as dié van die leerder wat langs jou sit? Hoeveel is dieselfde?
- ★ Watter kleur diere het jy gekies?
- ★ Hoeveel van elke kleur het jy?

2. **Meer/minder:** Leerders vergelyk die getal diere van verskillende kleure wat hulle in hul groepe het.

Leidende vrae:

- ★ Het julle meer/minder rooi diere as diere van 'n ander kleur in jul groepe?

3. **Versamel en sorteer:** Leerders plaas die dieretellers wat in hul houer is op die mat.



Leidende vrae:

- ★ Het jy meer rooi diere as diere van 'n ander kleur in jou groep?
- ★ Hoe kan ons die antwoord op hierdie vraag kry?

Hulle sorteer hul diere in kleurgroepe.

4. **Voorstelling van data:** Wys vir leerders die vel A4-grafiekpapier.

Leidende vrae:

- ★ Hoe kan ons wys watter kleur diere elkeen van julle in jul groepe het?



Leerders se grafieke sal verskil. Hulle sal antwoord volgens die kleure van die diere in hul houer.

Lei leerders om die diere in die rooi, blou en geel kolomme te plaas. Hulle kleur die blokkies in waar elke dier staan.

5. **Interpreteer data:** Leerders kyk saam na hul grafieke en vergelyk dit met mekaar.

Leidende vrae:

- ★ Het jy meer rooi diere as diere van 'n ander kleur?
- ★ Wie het minder rooi diere as diere van 'n ander kleur?
- ★ Het jy meer geel of meer blou blokkies op jou bladsy?
- ★ Het enigiemand dieselfde getal rooi diere?
- ★ Wie het minder/meer as hierdie getal diere?
- ★ Hoe verskil/wat is dieselfde omtrent _____ en _____ se grafieke?



Maak seker leerders kan:

- voorwerpe volgens kleur sorteer
- 'n grafiek inkleur volgens konkrete voorwerpe in 'n groep
- vrae wat op hul eie prent gebaseer is, beantwoord
- hul prente met ander se prente vergelyk en ooreenkomste en verskille raaksien

Werkstasie 1

Wat jy nodig het

- Tydskrifte met prente van vervoermiddels
- Skêre
- 3 houers, elk met 'n prentetiket vir lugvervoer, watervervoer en padvervoer

Leerders knip prente uit en plaas dit in die houer met die bypassende prent.

Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede: Hierdie prente kan tydens 'n aktiwiteit vir Luister en Praat of as 'n aktiwiteit vir Aanvangskennis bespreek word.

Werkstasie 2

Wat jy nodig het

- Maskeerband/tou om 4 kolomme op die mat/tafel te maak
- 'n Boks met afvalvoorwerpe van polistireen, plastiek, foelie en papier/karton
- Plaas een van elke soort voorwerp in elk van die 4 kolomme

Leerders sorteer voorwerpe volgens dit waarvan elk gemaak is.

Werkstasie 3

Wat jy nodig het

- Grafiekpapier met vorms – verskillend vir elke leerder
- 'n Houer met uitknipprente van sirkels, vierkante en driehoeke
- Gom

Leerders plak of teken die korrekte aantal vorms in elke kolom.



Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- Items uit die *Hulpbronstel*: vrugtetellers, stokkies, Unifix-blokkies, gekleurde skywe
- 5 houers met rooi, blou, geel, groen en swart plakkers/etikette – 'n ander kleur op elke houer
- Eierboksie met 6 holtes – 1 per leerder

Leerders sorteer die items uit die *Hulpbronstel* volgens kleur. Hulle plaas dit dan terug en sorteer en klassifiseer die items op enige ander manier deur die eierboksies te gebruik.



Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede (speel buite): Trek 'n rooster in die speelarea buite. Leerders versamel en sorteer verskillende voorwerpe wat buite is in die rooster.

Fokus van Inhoudsarea: Ruimte en Vorm (Meetkunde)

Onderwerpe

- Kenmerke van vorms – vergelyk dieselfde en verskillend, sorteer volgens kenmerke
- Posisie
- Oriëntasie en aansigte

Nuwe kennis

- Volg rigtingaanwysings
- Middellynkrusing

Oefen

- Mondelinge tel van 1–20 en 7–1
- Tel voorwerpe van 1–7
- Getalkonsept 1–5
- Vorms: sirkel, vierkant, driehoek
- Vorentoe, agtertoe
- Vaslegging van posisie

Nuwe wiskunde-woordeskat

teenoorgestelde

rondom

langs



deur

bo-oor

Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- prente van 7 eendjies
- 2 groot kartonsirkels – 1 rooi, 1 groen
- groot kartonsirkels, -vierkante en -driehoeke – 3 van elk
- 7 speeldeeg-/plastiekeendjies
- 40 kartondriehoeke, -sirkels en -vierkante, so groot soos die attribuutblokke
- 30 kartonsirkels, -vierkante en -driehoeke van verskillende groottes en kleure
- 30 ander kartonvorms, byvoorbeeld, diamante, harte, sterre
- 4 houers met etikette – 1 met 'n sirkel, 1 met 'n vierkant, 1 met 'n driehoek, 1 met 'n prent van die 3 vorms met 'n kruis daardeur getrek
- borde vir die pas van vorms, en vorms wat daarop geplaas kan word – 'n verskillende vormbord vir elke leerder.



Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Sewe klein eendjies* (bladsy 102)
- Prente van 7 eendjies
- 5 hoelahoepels
- 1 rooi en 1 groen kartonsirkel

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Sewe klein eendjies*, met prente.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Tel die eendprentjies van 1 tot 7.
4. **Oefen posisie:** Leerders sit in 'n kring. Plaas vyf hoelahoepels in die middel van die kring. Leerders beweeg *tussen* die hoelahoepels wanneer jy 'n groen sirkel wys, en gaan sit *langs* 'n hoelahoepel wanneer jy 'n rooi sirkel wys.

Laat vyf leerders dan saam *in* elkeen van die hoelahoepels staan. Leerders demonstreer aksies volgens die leidende vrae.

Leidende vrae:

- ★ Hoe hoog/laag kan julle uitreik?
- ★ Hoe wyd kan julle strek?
- ★ Het julle almal ewe veel spasie in jul hoelahoepels?
- ★ Hoekom/hoekom nie?

Laat nog 'n leerder *in* elke hoepel staan.

- ★ Het die hoeveelheid spasie wat elkeen van julle het verander nou dat daar nog een leerder in jul hoelahoepel is?
- ★ Hoeveel meer leerders dink julle kan in die spasie in jul hoelahoepel inpas voordat al die spasie op is?

Leerders beweeg weer *tussen* die hoelahoepels, *vorentoe* en *agtertoe*. Laat dan vyf ander leerders saam *in* elk van die hoelahoepels staan.

- ★ Hoeveel leerders kan *binne-in* die hoelahoepel sit om al die spasie op te vul?

Leerders sit *in* die hoelahoepel om te sien hoeveel leerders in een hoelahoepel pas. Hulle beweeg *om* die hoelahoepel waarin hulle gesit het. Hulle sit *buite* die hoelahoepel met hul voete *op* die hoelahoepel.

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

WENK

Hierdie aktiwiteit kan buite gedoen word.



Dag 2

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Sewe klein eendjies* (bladsy 102) en prente
- 7 plastiekeendjies/speeldeeg-eendjies
- Plastiekdeksel
- Groot kartonsirkels, -vierkante en -driehoeke – 3 van elk

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Sewe klein eendjies*, met prente.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders sit in 'n kring. Plaas 'n deksel met 'n groep van sewe eendjies op die mat. Leerders skat hoeveel eendjies daar is. Tel saam die eendjies.
4. **Oefen vorms:** Leerders speel die speletjie, "Ek sien met my klein ogie ... (vorm)" en identifiseer sirkels, driehoeke en vierkante in die klaskamer. Byvoorbeeld: "Ek sien met my klein ogie 'n vorm met drie hoeke wat teen die muur geplak is."
5. **Oefen vorms en rigting:** Plaas groot kartonvorms op die grond. Leerders volg aanwysings om tot by 'n spesifieke vorm te beweeg. Byvoorbeeld: "Spring en gaan staan by 'n sirkel, kruip tot by 'n vorm met drie hoeke, draai in die rondte tot by 'n vorm met vier reguit sye."
6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

 **WENK**

Hierdie aktiwiteit kan buite gedoen word. Teken vorms met bordkryt in plaas daarvan om die kartonvorms te gebruik.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Sewe klein eendjies* (bladsy 102), en prente van eende en eendjies
- 7 plastiekeendjies/speeldeeg-eendjies
- 7 sirkel-attribuuiblokke (*Hulpbronstel*)
- Kolkaarte van 1–5 (*Hulpbronstel*)
- Groot kartonsirkels, -vierkante en -driehoeke – 3 van elk
- 3 boontjiesakke

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Sewe klein eendjies*.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Plaas sewe eendjies en 'n groep van sewe sirkels op die mat. Leerders skat hoeveel daar in elke groep is. Tel saam elke groep.

Leidende vrae:

★ Dink julle hierdie groepe het ewe veel voorwerpe?

4. **Oefen sirkels en getalle van 1–5:** Bespreek die eendjies en sirkels met die leerders.

Leidende vrae:

★ Kan julle enige deel van die eende of eendjies sien wat soos sirkels lyk?

★ Waar in die vertrek sien julle sirkelvorms?

Wys vir die leerders die kolkaarte van 1–5.

- ★ Watter vorm is die kolle?
- ★ Hoeveel kolle sien julle op hierdie kaarte?

Wys twee kaarte met 'n verskillende aantal kolle.

- ★ Het hierdie kaart meer/minder kolle as hierdie kaart?

5. **Oefen vorms:** Plaas kartonvorms in die middel van die mat. Speel 'n boontjiesak-speletjie. Gee vir drie leerders elk 'n boontjiesak. Hulle volg instruksies, byvoorbeeld: "Gooi jou boontjiesak op die vorm wat drie hoeke het, die vorm wat een meer as drie hoeke het, die vorm wat vier sye het." Die leerders benoem die vorm waarop die boontjiesak land en bespreek die kenmerke daarvan. Herhaal met ander leerders.
6. **Kleingroepaktiwiteit:** Beskryf die aktiwiteit by elke werkstasie.

Dag 4

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Het jy 'n vierkant in jou hand?* (bladsy 100)
- 24 sirkel-, vierkant-, driehoek-attribuutblokke (*Hulpbronstel*)
- Groot kartonsirkels, -vierkante, -driehoeke – 2 van elk
- 7 bokse (3 met vierkantige vlakke en 4 met reghoekige vlakke)
- Liedjie: *Wie kan my help?* (bladsy 103)

1. **Liedjie:** Deel 24 sirkel-, vierkant- en driehoek-attribuutblokke en 6 kartonvorms uit. Sing, *Het jy 'n vierkant in jou hand?* Leerders kruis hul middellyn deur hul vorms van een hand in die ander hand te sit terwyl hulle opstaan.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Plaas sewe bokse van verskillende groottes op die mat. Leerders skat hoeveel bokse daar is en tel dit dan.

Leidende vrae:

- ★ Het enige van die bokse sye met vierkantige vorms?
- ★ Hoe weet julle dit? Hoeveel?
- ★ Is al die sye van die boks vierkantig?
- ★ Is daar bokse wat nie vierkantige sye het nie? Hoeveel?

4. **Meer as, minder as, gelyk aan:** Sorteër die bokse in twee groepe: dié wat vierkantige sye het en dié wat nie het nie.

Leidende vrae:

- ★ Watter groep het meer/minder bokse? Hoeveel is daar in elke groep?
- ★ Wat moet ons doen om hierdie groepe gelyk te maak?

- Oefen vorms:** Leerders sit in 'n kring. Plaas 'n driehoek-, sirkel- en vierkant-attribootblok agter drie leerders. Een leerder huppel om die buitekant van die leerders wat sit terwyl die klas die liedjie, *Wie kan my help?*, sing. Hy of sy tel die korrekte attribootblok agter 'n leerder op en plaas dit agter 'n ander leerder. Herhaal met verskillende leerders.
- Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 5

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Wie kan my help?* (bladsy 103)
- Hoelahoepels, bokse, stoele en ander voorwerpe vir 'n hindernisbaan

- Liedjie:** Leerders sing die liedjie, *Wie kan my help?*, terwyl julle die speletjie speel, soos beskryf in Dag 4, aktiwiteit 5. Kies ander leerders as dié wat op Dag 4 die speletjie gespeel het.
- Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
- Tel voorwerpe van 1–7:** Klap jul hande enige aantal kere van 1 tot 7. Leerders tel die handeklappen.
- Oefen rigting – agtertoe, vorentoe:** Leerders voltooi 'n eenvoudige hindernisbaan buite, byvoorbeeld, beweeg bo-oor, onderdeur, rondom, tussen, langs, deur, in en uit. Hulle volg rigtingaanwysings om vorentoe en agtertoe op die baan te beweeg.
- Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

WENK

Leerders kruis hul middellyn wanneer hulle instruksies volg, soos raak aan jou voet met jou teenoorgestelde hand, of raak met jou teenoorgestelde hand aan jou skouer.



Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede: Speel 'n musikale speletjie met vorms. Plaas groot uitknipprente van vorms in 'n sirkel op die vloer. Leerders stap van vorm tot vorm wanneer die musiek speel. Wanneer dit ophou, sê hulle op watter vorm hulle staan.

Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- 24 attribuutblokke (driehoek, sirkel, vierkant)
- Stokkies (*Hulpbronstel*)
- 'n Houer vir elke leerder met:
 - 7 plastiek-/kartonvorms (driehoeke, sirkels, vierkante)
 - 1 klein karretjie of diereteller

1. **Tel voorwerpe van 1–7:** Plaas 24 attribuutblokke op die mat. Leerders maak beurte om elk sewe attribuutblokke te tel. Hulle tel hoeveel van elke vorm hulle in hul groep van sewe attribuutblokke het.

Leidende vrae:

- ★ Van watter vorm het _____ een/twee?

2. **Oefen vorms; skep beelde:** Plaas attribuutblokke op die mat om 'n beeld te skep. Leerders kopieer die beeld deur hul attribuutblokke te gebruik.

Leidende vrae:

- ★ Het julle al die vorms wat julle hiervoor nodig het?
- ★ Watter vorms kort julle?
- ★ Hoeveel van elk het julle nodig?



WENK

Leerders oefen middellynkruising deur hul vorms aan een kant van hul liggame te hê en die beeld aan die ander kant van hul liggame te bou.



Leerders gebruik die attribuutblokke en kartonvorms in hul houer om hul eie beeld te skep.

- ★ Watter vorms het julle gebruik?
- ★ Waarom het julle 'n driehoek vir 'n hoed gebruik?
- ★ Wat as ons 'n sirkel hier bysit?
- ★ Hoeveel vorms het julle gebruik?
- ★ Wie het die meeste sirkels gebruik?
- ★ Is daar enigiemand wat nie 'n vierkant het nie?

3. **Oefen vorms; gebruik stokkies:** Skep 'n driehoek of vierkant deur gekleurde stokkies te gebruik. Bespreek dit met die leerders. Bedek die vorm en vra die leerders om dit te kopieer. Herhaal die aktiwiteit en wissel die grootte van die vorm af.

Probeer 'n sirkel met die stokkies maak.


Leidende vrae:

- ★ Lyk dit soos 'n sirkel? Waarom dink julle so/nie so nie?
- ★ Kan julle 'n sirkel op enige ander manier maak? (Trek 'n koppie se vorm na.)

**WENK**

Moedig die gebruik van posisie- en rigting-woordskat aan.

4. **Rigting en posisie:** Leerders gebruik die stokkies om hul eie vorms te maak. Hulle volg instruksies deur die karretjie of diereteller in hul houers te gebruik. Byvoorbeeld: "Beweeg die karretjie/dier vorentoe om jou vorms, agtertoe tussen jou vorms deur, vorentoe oor die groen/blou/geel stokkie, agtertoe om te parkeer/binne-in 'n vorm te staan." Vra elke leerder om vir die groep 'n instruksie te gee.

**Maak seker leerders kan:**

- beelde wat met vorms gemaak is, kopieer
- beelde skep deur vorms te gebruik, en op verwante vrae reageer
- op instruksies met verskillende rigtingaanwysings en posisies reageer

Werkstasie 1**Wat jy nodig het**

- 40 kartonsirkels, -driehoeke en -vierkante
- 30 ander vorms (byvoorbeeld, reghoek, vlieër, ovaal)
- 4 houers met etikette – 1 met 'n sirkel, 1 met 'n vierkant, 1 met 'n driehoek, 1 met 'n prent van die 3 vorms met 'n kruis daardeur (sien bladsy 70)

Leerders sorteer vorms in die vier gemerkte houers. Hulle skep hul eie beelde deur die vorms te gebruik.

Werkstasie 2



Wat jy nodig het

- Houtblokke (driehoek-, vierkant- en sirkelvorms)
- 1 plastiekmes of stokkie (Hulpbronstel) per leerder
- Speeldeeg

Leerders druk die speeldeeg plat. Hulle sny om die blokke en skep beelde met hul vorms.



WENK

Gebruik ander voorwerpe as jy nie blokke het nie, byvoorbeeld, teëls, plastiekkoppies of liniale, om vorms soos driehoeke, sirkels en vierkante te maak.

Werkstasie 3

Wat jy nodig het

- Maskeerband
- Unifix-blokkies/Duplo-blokkies/houtblokke

Gebruik maskeerband om vorms op die vloer te maak. Leerders sit blokkies al langs die maskeerband neer.



Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- 1 vormbord per leerder (sien bladsy 70)
- Bypassende uitknipprente van vorms

Leerders pas vorms by dié op hul borde. Hulle ruil borde uit sodra hulle klaar is.

Fokus van Inhoudsarea: Meting

Onderwerpe

- Lengte – vergelyk en orden voorwerpe deur toepaslike woordeskat te gebruik

Nuwe kennis

- Meet en vergelyk: lengte (lank, langer, langste; kort, korter, kortste)

Oefen

- Mondelinge tel van 1–20 en 7–1
- Tel voorwerpe van 1–7
- Skat van 1–7
- Lengte: lank, kort

Nuwe wiskunde-woordeskat

lank

kort

langer

langste

lengte

Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- prente van 4 lang wurms en 3 kort wurms
- 4 wurms wat sowat 20–30 cm lank is, en 3 korter speeldeeg-wurms
- 'n stuk tou per leerder, en leerders se name
- serpe, linte, gordels, skoenveters, tou – 7 van elk, almal verskillende lengtes
- lengtes karton wat almal dieselfde breedte behoort te hê, maar almal met verskillende lengtes – 1 per leerder
- stroke gekleurde papier met dieselfde breedte, maar met verskillende lengtes – 10 per leerder
- 'n vel A4-papier per leerder met 'n lyn in die middel; 'n kort strook bo-aan die een kant vasgeplak en 'n lang strook bo-aan die ander kant vasgeplak
- 'n vel A3/A4-papier per leerder met wurms van verskillende lengtes op elk
- 'n vel A4-papier per leerder met 5 lyne van verskillende lengtes wat oor die papier getrek is.



WENK

Plaas verskeie items uit die natuur op die wiskundetafel gedurende die week, byvoorbeeld, vere, stokkies, blare. Dit kan gebruik word om te meet en te orden.

Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Lank en kort* (bladsy 103)
- 7 prente van wurms
- 7 speeldeeg-wurms
- 1 vel A3-papier
- 2 velle A4-papier
- Lengtekaart uit Kwartaal 1
- Tou en name van een groep leerders

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Lank en kort*, met prente.

2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.


3. **Tel voorwerpe van 1–7:**

Leerders sit in 'n kring. Kyk na die sewe speeldeeg-wurms op 'n vel A3-papier.

Leidende vrae:

★ Hoeveel wurms is daar?

Tel saam die wurms.



4. **Lank en kort:** Plaas 'n lang en 'n kort wurm op 'n vel A4-papier.

Leidende vrae:

★ Wat is dieselfde/verskillend omtrent hierdie wurms?

★ Wat anders kan julle in ons klaskamer sien wat lank/kort is?

★ Hoe kan ons uitvind of 'n voorwerp langer of korter as 'n ander voorwerp is?

★ Watter ander maniere kan ons gebruik om voorwerpe te meet?

5. **Vaslegging van lengte:** Kyk na die lengtekaart uit Kwartaal 1.

Meet die lengte van een groep leerders en skryf hul lengtes op die lengtekaart neer. Bespreek en vergelyk ooreenkomste en verskille tussen leerders se lengtes.

Leidende vrae:

★ Is jy net so lank as die vorige keer toe ons jou gemeet het, of is jy langer as wat jy was?

★ Hoe kan ons uitvind hoe lank jy is?

★ Is daar 'n ander manier?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

WENK

Onthou om van die grond tot by die bopunt van die leerder se kop te meet. Meet een groep per dag.

Dag 2

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Lank en kort* (bladsy 103)
- 7 prente van wurms
- Tou en name van een groep leerders
- Stokkies (*Hulpbronstel*)
- Serpe, linte, gordels, skoenveters, tou – 7 van elk, almal verskillende lengtes
- Maskeerband/bordkryt

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Lank en kort*, met prente.

2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.

3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Stal sewe gordels en ses serpe in twee afsonderlike groepe uit.

Leidende vrae:

★ Hoeveel gordels/serpe dink julle is daar in elke groep?

★ Dink julle elke groep het ewe veel voorwerpe?

Tel die gordels en serpe en bespreek.

★ Wat moet ons doen om die groepe gelyk te maak? (Voeg een serp by.)

Tel weer die items. Plaas dit in twee rye, en pas die gordels en serpe bymekaar om te wys dat elke groep ewe veel voorwerpe het.

4. **Verken lengte:** Stal die serpe, linte, gordels, skoenveters en tou uit.

Leidende vrae:

- ★ Hoe het julle jul voorwerpe gemeet (op Dag 1)?

Leerders vergelyk die lengte van die serpe, linte, gordels, skoenveters en tou deur dit langs mekaar te plaas. Hulle bespreek watter langer/korter is.

- ★ Hoe weet julle dat een kort en een lank is?

- ★ Kan julle jul hande/voete/'n stok gebruik om jul voorwerpe te meet?

Leerders sit in vyf groepe. Hulle meet serpe, gordels, ensovoorts, en bespreek lengte deur hande/voete/stokke te gebruik.



Gebruik maskeerband of trek 'n lyn met bordkryt. Leerders plaas die items op die lyn en rangskik dit van die langste tot die kortste.

- ★ Waarom het ons al die gordels en serpe op die lyn geplaas toe ons dit van die langste tot die kortste gerangskik het?

5. **Lengtekaart:** Meet die volgende groep leerders en voeg hul lengtes op die lengtekaart by.
6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

WENK

As daar nie genoeg tyd is om die leerders se lengte te meet en dit op die lengtekaart aan te teken nie, kan dit op ander tye gedurende die dagprogram gedoen word, byvoorbeeld, gedurende verversingstyd.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Lank en kort* (bladsy 103)
- 7 prente van wurms
- 7 houtstokkies van verskillende lengtes
- 23 gekleurde plastiekstokkies (*Hulpbronstel*)
- Tou, en name van een groep leerders
- Lengtes karton van dieselfde breedte en verskillende lengtes – 1 per leerder
- Maskeerband/bordkryt

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Lank en kort*, met prente.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders sit in 'n kring. Plaas sewe gekleurde plastiekstokkies (uit die *Hulpbronstel*) en die sewe houtstokkies op die mat in twee afsonderlike groepe.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel stokkies is daar in elk van hierdie groepe?

Tel die stokkies en bespreek dit. Vergelyk die lengtes van die stokkies.

- ★ Wat in ons klaskamer kan ons met die kort plastiekstokkies/ langer houtstokkies meet?
- ★ Waarom?

Leerders meet voorwerpe in die klaskamer met stokkies.

4. **Vaslegging van meting – lengte:**

Bespreek die items wat leerders met die stokkies gemeet het.

Leidende vrae:

- ★ Wat het julle in die klaskamer gevind wat lank/kort is?
- ★ Wie se voorwerpe was die langste/kortste?
- ★ Watter voorwerp buite ons klaskamer kan julle aan dink wat lank/kort is?

Plaas die kartonstroke in die middel van die mat. Wys vir die leerders twee van die stroke.

- ★ Watter van hierdie twee stroke is lank/kort?

Herhaal met twee ander stroke.


Leerders gaan haal elkeen een strook op die mat. Sit een strook as 'n gids neer.

- ★ As ons die stroke volgens lengte van die kortste tot die langste wil rangskik, wat moet ons doen?
- ★ Hoe moet ons dit neersit?

Pak die stroke teen maskeerband of 'n bordkrytlyn uit. Leerders maak beurte om hul stroke van die kortste tot die langste te pak. Herinner leerders waarom dit belangrik is om die stroke se punte teen die onderkant van die maskeerband/bordkrytlyn te plaas wanneer hulle meet. Hulle skat waar hul strook sal pas, en help mekaar as 'n strook geskuif moet word.

- ★ Wat dink julle van die plek waar _____ sy/haar strook geplaas het?
- ★ Behoort ons _____ se strook te skuif? Waarom?

5. **Lengtekaart:** Meet die volgende groep leerders en voeg hul lengtes op die lengtekaart by.6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

 **WENK**
Gebruik vrae om die leerders te lei om probleme rakende die rangskikking van die stroke op te los.

Dag 4

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Lank en kort* (bladsy 103)
- 7 prente van wurms
- 7 stukke tou van verskillende lengtes
- Tou en name van een groep leerders

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Lank en kort*, met prente.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:**

Leerders sit in 'n kring terwyl jy staan en vyf stukke tou vashou. Leerders skat hoeveel stukke tou jy vashou. Tel dit saam.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel stukke tou het ons nog nodig om sewe stukke te maak?

Voeg twee meer by en tel weer.

4. **Verken lengte:** Bespreek die stukke tou wat jy vashou.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel van hierdie stukke tou raak aan die vloer?
- ★ Waarom raak almal nie aan die vloer nie?
- ★ Hoe kan ons uitvind wat die kortste/langste stuk tou is?

Teken 'n lyn op die vloer en vra leerders om jou te lei om die stukke tou van die langste tot die kortste te rangskik. Verwyder vyf stukke tou.

5. **Lengtekaart:** Meet die volgende groep leerders en voeg hul lengtes by die lengtekaart.
6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.



Dag 5

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Lank en kort* (bladsy 103)
- 7 prente van wurms
- Tou en name van die laaste groep leerders
- Lengtekaart uit Kwartaal 1
- Verjaarsdagkaart

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Lank en kort*, met prente.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Klap enige aantal kere tussen 1 en 7. Terwyl julle klap, tel leerders die handeklappen en sê hoeveel daar is.

4. **Lengtekaart:** Meet die laaste groep leerders en voeg hul lengtes by die lengtekaart. Bespreek die lengtekaart vir Kwartaal 2.

Leidende vrae:

- ★ Wie is langer/korter as jy?
- ★ Hoe weet jy dit?
- ★ Is daar enige leerders wat ewe lank is?

Vergelyk die lengtekaarte vir Kwartaal 1 en 2.

- ★ Het enigiets verander sedert Kwartaal 1?
- ★ Wie is hierdie kwartaal langer as wat hulle verlede kwartaal was?

Kyk na die verjaarsdagkaart en tel saam hoeveel maande verbygegaan het sedert julle die lengtekaart vir Kwartaal 1 gedoen het.

- ★ Sal die lengtekaart anders lyk as ons dit weer aan die einde van die jaar, in die laaste maand, doen?
- ★ Waarom?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede: Aktiwiteite buite kan dinge insluit soos die meting van lang en kort asemteue voor en na hulle gehardloop het, en die meting van lang en kort skaduwees op verskillende tye van die dag. Wys die leerders op lang woorde (met baie letters) en kort woorde (met net een of twee letters) wanneer jy vir hulle stories lees.

Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- 7 kartontoiletrolle
- 1 stoeltjie per leerder
- Unifix-blokkies (*Hulpbronstel*)
- Verskillende lengtes tou en papier, stokkies (*Hulpbronstel*)

1. **Oefen lengte; sorteer voorwerpe:** Plaas die tou, papier en stokkies in 'n hoop op die mat. Leerders sorteer dit in twee groepe: lank en kort.

Leidende vrae:

- ★ Hoe het julle besluit wat om in elke groep te plaas?

2. **Oefen lengte; vergelyk voorwerpe met mekaar:** Plaas 'n kartontoiletrol in die lengte op die mat.



Leidende vrae:

★ Kan julle enigiets in die klaskamer vind wat langer/korter as dit is? Leerders gaan haal elkeen twee dinge, en maak beurte om te verduidelik wat hulle gekry het en waarom dit langer/korter as die kartontoiletrol is.

3. **Tel voorwerpe van 1–7; meet stoele:** Plaas sewe kartontoiletrolle in 'n ry in die lengte sodat dit aan mekaar raak.

Leidende vrae:

★ Hoeveel kartontoiletrolle is daar?

Tel saam die rolle.

★ Kan julle enigiets in die klaskamer sien wat julle dink net so lank is as hierdie sewe kartontoiletrolle wat in 'n ry gepak is?

★ Hoe kan ons een kartontoiletrol gebruik om die lengte van jou stoel te meet?

Leerders verken dit.

★ Waar kan ons begin meet?

Bespreek en lei hulle om te merk waar hulle begin en eindig. Tel saam hoeveel kartontoiletrolle nodig was om die lengte van die stoel te meet.

★ Hoeveel kartontoiletrolle dink julle sal ons nodig hê om die lengte van die stoel se sitplek te meet?

★ Dink julle ons sal meer of minder kartontoiletrolle nodig hê om die sitplek te meet?

★ Wat anders kan ons gebruik om die verskillende dele van jul stoele te meet?

Leerders soek iets in die klaskamer wat hulle wil gebruik om mee te meet. Hulle verken hoe om verskillende dele van die stoel te meet deur die voorwerpe wat hulle gevind het te gebruik, asook papier en stukke tou.



4. **Vaslegging van lengte; Unifix-blokkies:** Wys vir leerders 'n lengte van vyf Unifix-blokkies wat aan mekaar vas is. Leerders kies dan tou en stukkies papier wat langer as die blokkies is. Herhaal met lengtes van tot sewe Unifix-blokkies.



Leidende vrae:

- ★ Hoe weet julle dat dit langer as die blokkies is?
- ★ Kan julle iets vind wat korter/dieselfde lengte is?

Leerders skep hul eie lengtes deur die blokkies te gebruik en dit van die kortste tot die langste te rangskik.



WENK

Gebruik toepaslike niestandaardeenhede om voorwerpe te meet, byvoorbeeld, klein blokkies om boeke te meet, plastiekstokkies om die sitplek van die stoel te meet, en langer voorwerpe of stukkies tou om die tafelblad te meet.



Maak seker leerders kan:


- voorwerpe volgens lengte met mekaar vergelyk en orden – lank en kort
- 'n begrip toon van lank en kort

Werkstasie 1

Wat jy nodig het

- 10 stroke papier per leerder
- 'n Vel papier
- Gom
- Viltpenne
- 1 kartonstrook van medium lengte wat in die middel van die tafel geplaas word

Leerders meet papierstroke teen die kartonstrook. Hulle plak stroke aan die "lang" of die "kort" kant van die bladsy. Hulle gebruik viltpenne om die stroke te verander in enigiets waarvan hulle hou.




Werkstasie 2

Wat jy nodig het

- Patroontemlaat van verskillende lengtes wurms – 1 bladsy per leerder
- Skêre
- Kryte

Leerders versier die wurms en knip hulle uit.




Werkstasie 3

Wat jy nodig het

- Houtblokkies
- Lengtes tou

Leerders bou lang en kort treine/vragmotors/paaie in die blokkiesarea. Hulle gebruik lengtes tou om dit te meet.



Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- Speeldeeg
- 'n Vel A4-papier per leerder met 5 lyne van verskillende lengtes
- Stokkies (*Hulpbronstel*)

Leerders maak lengtes speeldeeg wat by elk van die lyne op die patroontemlaat pas. Hulle versier dit deur stokkies te gebruik om patrone te maak.



Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe

Onderwerpe	Nuwe kennis	Oefen
<ul style="list-style-type: none"> Beskryf, vergelyk en orden getalle Optel en aftrek (mondeling) Probleemoplossing 	<ul style="list-style-type: none"> Breek getalle af en bou dit op Probleemoplossings-tegnieke Optel en aftrek met konkrete voorwerpe Getalle in bekende omgewings 	<ul style="list-style-type: none"> Mondelinge tel van 1–20 en 7–1 Tel voorwerpe van 1–7 Getalkonsep 1–5 Plaas getalle van 1–5 in volgorde Meer as, minder as Watter getal kom voor, na? Vorms: sirkel, vierkant, driehoek

Nuwe wiskunde-woordeskat

tel op

neem weg

Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- 7 plastiekkoppies en 7 plastiekpierings (uit die fantasie-area)
- klein bokse/houers, genommer 1, 2, 3, 4, 5
- 2 borde
- 7 Unifix-blokkies
- 7 Duplo-blokkies
- 5 stoele
- 5 velle A4-papier met dierefries-telefoonnommers vir huise 1–5: Olifant: 53 412, Sebras: 43 215, Meerkatte: 33 212, Kameelperde: 41 224, Apies: 21 543
- leerders se telefoonnommers op afsonderlike velle papier
- 'n verskillende vorm-natrekblad vir elke leerder in 'n groep
- 1 stel kolkaarte van 1–5 per leerder
- 1 stel getalsimboolkaarte van 1–5 per leerder
- 10 bokse/koppies, elk met 'n verskeidenheid klein voorwerpe tot en met 5. Plaas 'n kous oor die oop kant van elke boks/koppie. Die voorwerpe binne-in moet nie sigbaar wees nie. (sien Werkstasie 3)
- 1 stel bypassende getalkaarte en prentkaarte van 1–5 per leerder (soortgelyk aan Week 5)
- vra leerders om uit te vind wat hul adres en telefoonnommer is.



Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Lank en kort* (bladsy 103)
- 7 plastiekkoppies en 7 plastiek-pierings (fantasie-area)
- 'n Verskeidenheid tellers uit die *Hulpbronstel*
- Kolkaarte van 1–5
- Klein bokse/houers, 1, 2, 3, 4, 5 genommer

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Lank en kort*.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders sit in 'n kring. Plaas sewe koppies en sewe pierings op 'n boks in die middel van die kring.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel koppies en pierings dink julle is daar in hierdie twee groepe?
- ★ Dink julle daar is ewe veel in elke groep?

Tel saam die koppies en pierings, bespreek leerders se skatting en pas die koppies by die pierings.



4. **Oefen getalle van 1–5:** Wys die kolkaarte vinnig vir die leerders, sonder om dit lank op te hou. Leerders sê hoeveel kolle op elke kaart is. Wys 'n kolkaart met 'n instruksie wat aansluit by die getal kolle op die kaart, byvoorbeeld: "Vind twee maats wat skoene dra." "Klap jou hande drie keer." Leerders maak beurte om aan aksie-instruksies te dink wat by die getal kolle aansluit.
5. **Orden getalle van 1–5; meer as, minder as, gelyk aan:** Plaas die kolkaarte met die kolle na onder. Leerders maak beurte om twee kaarte op te tel. As die kaarte bymekaar pas, hou hulle dit, en as dit nie pas nie, plaas hulle die kaarte terug. Wanneer leerders 'n bypassende paar vind, plaas hulle dit in die toepaslike boks.



Maak seker al die leerders kan die koppies en pierings sien.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel kolle is daar op _____ se kaarte?
- ★ Is die kaarte dieselfde?
- ★ Watter kaart het meer kolle?
- ★ Watter kaart het minder kolle?
- ★ Wat moet ons doen sodat albei kaarte ewe veel kolle het?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 2**Wat jy nodig het**

- 2 borde met 7 Unifix-blokkies op een en 7 Duplo-blokkies op die ander een
- 5 stoele

1. **Liedjie/rympie:** Leerders kies 'n liedjie of rympie uit Kwartaal 1 of 2 om te sing of op te sê.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders sit in 'n kring. Plaas twee borde op 'n boks in die middel van die kring, een met sewe Unifix-blokkies, en een met sewe Duplo-blokkies. Leerders skat hoeveel blokkies op elke bord is.



Maak seker al die leerders kan die blokkies op die borde sien.

**Leidende vrae:**

- ★ Dink julle daar is meer/minder blokkies op hierdie bord?
- ★ Hoe kan ons sê of hulle ewe veel blokkies het?

Tel die blokkies op elke bord en bespreek die leerders se skattings.

4. **Tel op deur voorwerpe te gebruik:** Twee leerders staan.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel leerders staan?
- ★ As ons nog een leerder byvoeg, hoeveel leerders sal daar wees?

Nog een leerder staan. Tel saam die leerders wat staan. Hou aan om een leerder op 'n slag by te voeg totdat daar vyf is. Tel hulle saam elke keer wanneer jy 'n leerder byvoeg. Herhaal die aktiwiteit deur stoele te gebruik. Een van die leerders gaan haal twee stoele.

- ★ As _____ nog een stoel gaan haal, hoeveel stoele sal daar wees?
- ★ As drie leerders elkeen 'n stoel het, hoeveel meer stoele sal ons nodig hê sodat hulle almal 'n stoel het?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 3

Wat jy nodig het

- 1 houer met 7 verfkwaste en
- Speletjie: Stoeledans (bladsy 103)
- 1 houer met 5 viltpenne
- Tamboeryn/musiek
- 5 stoele

1. **Liedjie/rympie:** Leerders kies 'n liedjie of rympie uit Kwartaal 1 of 2 om te sing of op te sê.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Leerders sit in 'n kring. Plaas twee houers op 'n boks in die middel van die kring, een met sewe verfkwaste, en die ander met vyf viltpenne. Bespreek die houers.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel voorwerpe dink julle is in hierdie houer?
- ★ Dink julle daar is meer/minder in hierdie houer?

4. **Trek voorwerpe af:** Vyf leerders staan.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel leerders staan?
- ★ As _____ by sy/haar tafel gaan sit, hoeveel leerders bly staan?
- ★ Hoe weet julle dit?
- ★ As ons nog een leerder wegneem, hoeveel leerders bly dan staan? Herhaal dit met tot vyf leerders. Neem een leerder op 'n slag weg.

5. **Aftrek-speletjie:** Speel die speletjie, Stoeledans.

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 4

Wat jy nodig het

- Getal-wasgoedlyn van 1–5
- Plakkaat 1

1. **Liedjie/rympie:** Leerders kies 'n liedjie of rympie uit Kwartaal 1 of 2 om te sing of op te sê. Laat leerders "stem" vir die liedjie/rympie wat hulle wil hê. Tel hoeveel hande opgesteek word vir verskillende liedjie-/rympie-opsies.

2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Twee leerders staan met hulle rûe na die klas toe. Die klas sê: “Op jul merke, gereed, getal!” Op “getal” draai die leerders om en hou enige getal vingers van 1 tot 7 op. Bespreek wie die meeste/minste vingers wys. Tel saam die getal vingers wat elke leerder wys. Herhaal met ander leerders.



Leidende vrae:

- ★ Wie wys meer/minder vingers?
- ★ Wie wys dieselfde getal vingers?
- ★ Hoe weet julle dit?
- ★ Hoeveel vingers wys _____?

Vra leerders om getalle 1–5 op die getal-wasgoedlyn te wys vir daardie leerders wat vingers tussen 1 en 5 wys.

- ★ Kom hierdie getal voor/na/tussen 2, 3, 4?

4. **Praat oor getalle:** Bespreek Plakkaat 1. Praat oor dit wat die leerders in die prent sien. Leerders gebruik hul vingers om hul antwoorde te wys.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel mense ontbreek in hierdie prent van die familie? Wie ontbreek?
- ★ Is daar genoeg stoele vir die aantal mense in die kombuis?
- ★ As een stoel weggevat word, hoeveel stoele sal oorbly?
- ★ Hoeveel bakkies is daar op die tafel?
- ★ As twee bakkies weggevat word, hoeveel bly op die tafel oor?
- ★ Hoeveel lepels is daar op die tafel?
- ★ As Ouma ook by die tafel kom sit en 'n lepel nodig het, hoeveel lepels moet ons bysit? Hoeveel lepels sal daar altesaam wees?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.



Dag 5

Wat jy nodig het

- Getalfriese 1–5
- Getalsimbool- en kolkaarte 1–5 (*Hulpbronstel*)
- 5 velle A4-papier met dierefriese-telefoonnommers vir huise 1–5
- 2 ou fone of speelgoedfone
- Leerders se telefoonnommers op afsonderlike velle papier

1. **Liedjie/rympie:** Leerders kies 'n liedjie of rympie uit Kwartaal 1 of 2 om te sing of op te sê.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en 7–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–7:** Herhaal die aktiwiteit van Dag 4 met leidende vrae.
4. **Oefen getalle van 1–5; optel, aftrek:** Wys kolkaarte en getalsimboolkaarte 1–5. Leerders organiseer hulself in groepe volgens die kolkaart of getalsimboolkaart wat jy wys.



Help leerders op grond van hul vlak van getalkennis.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel leerders is daar in jul groep?
- ★ As een leerder na 'n ander groep toe gaan, hoeveel leerders sal in jul groep oorbly?
- ★ As nog een leerder by jul groep aansluit, hoeveel leerders sal daar altesaam in jul groep wees?
- ★ Hoeveel groepe van vyf leerders is daar?
- ★ Hierdie groep het een leerder te min. Wie kan ons vra om by hierdie groep aan te sluit sodat hulle die korrekte getal het?

5. **Oefen adresse en telefoonnommers; vaslegging van getalle van 1–5:**

Vertel vir die leerders dat die meerkatte die diere in huise nommer 1, 2, 4 en 5 gebel het om hulle na 'n partytjie toe te nooi. Plaas die telefoonnommers vir elke huis onder die korrekte huis.

Dramatiseer die oproepe na die diere. Dramatiseer hoe die diere in die huise met die nommers 1, 2, 4 en 5 die meerkatte bel om te sê hulle sal graag na die partytjie toe kom. Leerders herhaal die getalle saam met jou terwyl jy maak of jy elke nommer bel.

Leidende vrae:

- ★ As jy 'n partytjie hou, waarheen sal jy vir jou maats sê om te gaan?
- ★ As hulle verdwaal, op watter nommer kan hulle jou bel?

Lei twee leerders om 'n opvoering te hou waar hulle vir mekaar hul telefoonnommers oor die foon gee. Skryf die foonnommers op papier neer. Herhaal met ander leerders.

- ★ Word enige getalle in hierdie foonnommer herhaal?

- Oefen foonnommers; vaslegging van getalle van 1–5:** Leerders hou elkeen 'n kopie van hul foonnommer vas. Hulle volg jou aanwysings, byvoorbeeld: "Staan as jy daar 'n 4 in jou foonnommer is." "Waai as daar 'n 3 in jou foonnommer is."
- Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Integrasie

Huistaal en Lewensvaardighede: Gebruik bordkryt om die getalle 1 tot 5 in 'n sirkel buite op die grond te skryf. Leerders tel terwyl hulle in 'n sirkel loop en op elke getal trap. Skep 'n paadjie buite van getalname van een tot vyf deur hulle weer en weer in volgorde neer te skryf. Laat die leerders die getalname "lees" terwyl hulle met die paadjie langs loop.

Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- Getal-wasgoedlyn
- Kolkaarte van 1–5
- Dieretellers
- Unifix-blokkies
- 'n Houer per leerder met getalsimboolkaarte 1–5 en 5 gekleurde tellers

- Wys en tel van 1–5:** Leerders kyk na die getal-wasgoedlyn. Gee vir individuele leerders instruksies, byvoorbeeld: "Wys vir my die getal 1/3/5, wys vir my die getal wat voor/na 4 kom, wys vir my die getal wat tussen 1 en 3 is."
- Kolkaarte van 1–5; bypassende getalle; skatting:** Plaas 10 kolkaarte met die kolle na onder op die mat. Elke leerder kry 'n beurt om 'n kaart op te tel en te sê hoeveel kolle daar is. Tel saam die kolle.



- Orden getalle van 1–5:** Orden saam die kolkaarte van 1–5. Leerders tel dieretellers om by die getal kolle te pas. Hulle orden elkeen hul getalsimboolkaarte 1–5. Hulle bou Unifix-torings om by elke getal te pas.

4. **Tel; meer as/minder as; gebruik tellers:** Elke leerder tel vyf tellers uit hul houers. Gee instruksies, byvoorbeeld: "Wys vir my drie tellers; een minder as drie; een meer as vier."
5. **Pas tellers by kolkaarte:** Leerders gebruik hul tellers om by die kolkaarte van 1–5 te pas. Bespreek die verskillende maniere waarop elke getal aangetoon word.
6. **Kolkaarte; breek getalle op:** Wys vir leerders 'n kolkaart met 3 kolle en 'n kolkaart met 1 kol. Hulle plaas hul tellers in twee groepe om hierby te pas.



Leidende vrae:

- ★ Hoeveel tellers is daar in elk van jul groepe?
- ★ Hoeveel tellers is daar altesaam?
- ★ Wys vir my die kolkaart wat by hierdie groep pas.

Wys nou vir hulle kolkaart 5.

- ★ Hoeveel meer tellers moet jy by die groep bysit om soveel te hê?
- ★ Hoeveel meer tellers moet jy van hierdie groep wegvat as jy net drie tellers wil hê?

Herhaal met kolkaarte en bypassende tellers 4 en 1; 3 en 2; 2 en 2, deur leidende vrae te stel.

7. **Bekende nommers:** Lei leerders om hul foonnommers en adresse te onthou.



Maak seker leerders kan:

- getalle tussen 1 en 5 afbreek en opbou
- probleme met getalle van 1–5 oplos
- 'n begrip van meer en minder toon
- 'n begrip van watter getal voor en na kom, toon
- 'n begrip van hul adres en telefoonnommer toon



Werkstasie 1

Wat jy nodig het

- 1 skoon vel A4-papier in 'n plastiekomhulsel per leerder
- Witbordpenne
- 'n Lappie vir elke paar leerders
- Getal-wasgoedlyn
- Stokkies (*Hulpbronstel*)

Leerders skryf die getalle van 1 tot 5 met witbordpenne deur die getal-wasgoedlyn as 'n gids te gebruik. Hulle tel die getal stokkies om by elke getal te pas.

Werkstasie 2



Wat jy nodig het

- Sirkel-, vierkant- en driehoek-attribuutblokke (*Hulpbronstel*)
- Vorm-natrekbladsy – 'n ander bladsy vir elke leerder

Leerders trek die attribuutblokke uit die *Hulpbronstel* na volgens die getalsimbole op die bladsy.

Werkstasie 3

Wat jy nodig het

- 1 stel kolkaarte van 1–5 per leerder
- 1 stel getalsimboolkaarte van 1–5 per leerder
- 10 bokse/koppies met 'n kous oor die oop kant van elk, en voorwerpe binne-in elk (tot 5)

Leerders voel in die koppies hoeveel voorwerpe daar is. Hulle pas kolkaarte by getalsimboolkaarte na aanleiding van die getal voorwerpe in elke koppie.

Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- Bypassende getal- en prentkaarte

Leerders kies kaarte. Hulle vind die bypassende getal- of prentkaarte.

Assessering

Kwartaal 2: Voorbeeld van Verslag van Deurlopende Assesserings

Sleutel ✓ = bevoeg ● = gedeeltelik bevoeg X = nog nie bevoeg nie		Onderskei tussen meer as, minder as, gelyk aan	GETALLE, BEWERKINGS EN VERWANTSKAPPE														OPMERKINGS	Finale kodering																				
			Identifiseer getalsimbole: 4	Herken die Suid-Afrikaanse munte: 10c, 20c, 50c, R1, R2, R5	Identifiseer die Suid-Afrikaanse munte: 10c, 20c, 50c, R1, R2, R5	Verstaan rangorde (ordinale getalle): eerste, tweede, derde, vierde	Tel voorwerpe: 1-6	Identifiseer getalsimbole: 5	Los probleme met konkrete voorwerpe op: 1-4	Los probleme op deur tellers of getalleer te gebruik: 1-4	Tel op en trek af deur konkrete voorwerpe te gebruik: 1-4	Herken getalle in bekende kontekste	Tel mondelings: 1-20	Tel terug: 7-1	Tel mondelings: 1-15	Tel voorwerpe: 1-7																						
Leeders se name	Datum																																					

Sleutel	PATRONE, FUNKSJES EN ALGEBRA	RUIJTE EN VORM (MEETKUNDE)	METING	DATAHANTERING	OPMERKINGS
<p>✓ = bevoeg</p> <p>● = gedeeltelik bevoeg</p> <p>✗ = nog nie bevoeg nie</p>	<p>Identifiseer eenvoudige herhalende patrone</p> <p>Kopieer en voltooi eenvoudige herhalende patrone</p> <p>Skep eie patrone met prente</p>	<p>Beskryf posisie: onder</p> <p>Sorteer 3D-voorwerpe volgens ooreenkomstige en verskille</p> <p>Onderskei tussen een meer, een minder</p> <p>Volg rigtingaanwysings</p> <p>Herken en pas middellynkrusing toe</p>	<p>Meet en vergelyk voorwerpe volgens lengte</p> <p>Onderskei tussen lank, langer, langste; kort, korter, kortste</p>	<p>Versamel voorwerpe volgens hul grootte</p> <p>Sorteer versamelings voorwerpe</p> <p>Stel versamelings voorwerpe voor</p> <p>Ontleed data met behulp van vrae</p> <p>Doen verslag oor data van eie prente of eie gesorteerde voorwerpe</p>	<p>Finale kodering</p>
<p>Leiders se name</p> <p>Datum</p>					

Hulpbronne

Liedjies, rympies en stories

Week 1

Telliedjie: So maak ons vrugteslaai

(Op die wysie van *Here we go round the mulberry bush*)

So maak ons vrugteslaai, vrugteslaai, vrugteslaai,

So maak ons vrugteslaai,

Kom ons kry die vrugte.

Eers kry ons een piesang, een piesang, een piesang,

Eers kry ons een piesang,

Nou kry ons nog.

Nou kry ons twee appels, twee appels, twee appels,

Nou kry ons twee appels,

En dan kry ons nog.

(Herhaal met drie lemoene, vier druiwekorrels.)

Dan kry ons vyf bessies, vyf bessies, vyf bessies,

Dan kry ons vyf bessies,

En dan 'n bietjie sap.

Storie: Getal 4-storie (met patroontemplaas vir Getal 4-fries)

Volgende kom die Kameelperde. Daar is vier van hulle. Hulle kyk na die drie ander huise en wonder hoe hulle met hul lang nekke in 'n huis gaan inpas. Hulle besluit dat hulle vier hoë vensters nodig het omdat daar vier van hulle is, sodat hulle die vensters kan oopmaak en hul lang nekke kan uitstrek.

Die getalsimbool 4 en die getalnaam vier kom voor op die huis waar almal dit kan sien. Op die voordeur kom vier deureklokkies.

Wanneer die Kameelperde buitentoe gaan, moet hulle baie laag buk om deur die voordeur te kom, net soos wanneer hulle water drink by die stroom daar naby. Wanneer hulle regop staan, is hulle lank genoeg om deur die hoë vensters in hul huis in te kyk, en hulle kan byna bo-oor hul huis sien. Hulle hou daarvan om langs die Meerkatte te woon en gesels elke dag met hulle.

Week 2

Geldliedjie: *Vyf blink munte*

(Op die wysie van *Ten green bottles hanging on the wall*)

Vyf blink munte hou ek in my hand,

Vyf blink munte hou ek in my hand,

Vyf blink munte, en een val in die sand,

Nou's daar vier blink munte, hier in my hand.

(Herhaal met vier, drie, twee, een, geen blink munte – niks in my hand.)

Speletjie: Munt in die bank

Plaas 'n bak ("bank") op die tafel waarby die leerders sit, of in die middel van die kring leerders op die mat. Elke leerder probeer tellers in die bak gooi. Hulle tel dan hoeveel kere hulle hul tellers in die bak gegooi het, en watter kleur tellers (uit die twee kleure wat hulle het) hulle die meeste kere ingegooi het.

Week 3

Liedjie: *Kop, skouers, knie en toon*

Kop, skouers, knie en toon, knie en toon

Kop, skouers, knie en toon, knie en toon

En oog en oor en mond en neus

Kop, skouers, knie en toon, knie en toon.

Telliedjie: *So maak ons groentesop*

(Op die wysie van *Here we go round the mulberry bush* – aanpassing van *So maak ons vrugteslaai* uit Week 1)

So maak ons groentesop, groentesop, groentesop,

So maak ons groentesop,

Kom ons kry die groente.

Eers kry ons een aartappel, een aartappel, een aartappel,

Eers kry ons een aartappel,

Nou kry ons nog.

Nou kry ons twee wortels, twee wortels, twee wortels,

Nou kry ons twee wortels,

En dan kry ons nog.

(Herhaal met drie groot uie.)

Dan kry ons vier klein uie, vier klein uie, vier klein uie,

Dan kry ons vier klein uie,

En sout en water.

Vorm-storie: *Hulle trek en trek*

Eendag gaan 'n boer na sy lande toe om groente vir aandete uit te trek. Hy gaan na die aartappelland en begin een uit die grond uittrek. Die boer trek en trek, maar hy kan nie die aartappel uittrek nie. Hy roep sy vrou om te kom help. Die boer en sy vrou trek en trek en uiteindelik kom die aartappel uit die grond uit. "Wat op aarde?" vra die boer. "Hierdie aartappel is vierkantig!"

Toe gaan haal die boer en sy vrou 'n paar wortels. Hulle trek en trek en uiteindelik trek hulle twee wortels uit die grond uit. "Wat op aarde?" vra die boer se vrou. "Hierdie wortels is rond soos sirkels!"

Die boer en sy vrou wil uie vir hul aandete hê, en hulle gaan na die uieland. Die boer trek en sy vrou trek. Hulle albei trek en trek, maar die uie wil nie uitkom nie. Hulle gaan roep hul vier kinders om te kom help. Toe trek die familie, en hulle trek, en uiteindelik trek hulle drie uie uit. "Wat op aarde?" vra hulle. "Hierdie uie is driehoekig!"

Hulle besluit om groentesop te maak, en daarom het hulle nog vier uie nodig. Hulle het nog hulp nodig en gaan roep 'n buurman. Dit duur baie lank om nog vier uie uit die grond te trek. En selfs al is die uie kleiner, is hulle ook driehoekig.

Die boer en sy vrou vat hul aartappel, wortels en uie kombuis toe en maak sop vir aandete. Hulle nooi hul buurman. "Heerlik!" sê al sewe van hulle saam.

Week 4

Rympie: *Wielie-Walie, Rondomtalie*

(Leerders rol hul hande oormekaar terwyl hulle hul hande volgens die aanwysings beweeg.)

Wielie-Walie, Rondomtalie, op, op, op. *(hande beweeg op)*

Wielie-Walie, Rondomtalie, af, af, af. *(hande beweeg af)*

Wielie-Walie, Rondomtalie, uit, uit, uit. *(hande beweeg weg van mekaar)*

Wielie-Walie, Rondomtalie, in, in, in. *(hande beweeg na mekaar toe)*

Wielie-Walie, Rondomtalie, steek albei hande weg.

Vorm-liedjie: *Het jy 'n vierkant in jou hand?*

(Op die wysie van If you're happy and you know it)

Het jy 'n vierkant in jou hand? Staan op!

Het jy 'n vierkant in jou hand? Staan op!

Het jy 'n vierkant in jou hand, het jy 'n vierkant in jou hand,

Jy met 'n vierkant in jou hand, staan op.

(Herhaal met ander vorms.)

Week 5

Telliedjie: *Vyf klein apies*

Vyf klein apies speel in die bed
een val af en kry seer in die pret.
Hulle roep vir Mamma om hulle te kom red.
En die een klein apie word die bed belet.
(Herhaal vir vier, drie, twee.)
En van al die kleine apies bly een oor in die bed.
Hy sug diep en slaap vas van te veel pret.

Storie: *Getal 5-storie (met patroontemplaats vir Getal 5-fries)*

Die vyf Apies hou daarvan om in die vyf takke van die boom in hul tuin te swaai. Hulle het ook vyf pale tussen die boom en hul huis. Om in die huis te kom, swaai hulle dikwels van die pale tot op die dak van hul huis, en dan in deur die vensters. Hulle doen dit in plaas daarvan om by die deur in te gaan. Langs die deur is 'n groot blompot met vyf blomme.

Wanneer die Apies moeg raak en moet rus, swaai hulle dikwels van die dak af deur een van die vyf vensters, in plaas daarvan om by een van die vyf deure in die huis in te gaan. Anders rus hulle buite in die vyf hangmatte. Daar is vyf, sodat elkeen sy eie het.

Al die diere staan saam in die straat en kyk na hul wonderlike huise: Olifant is in nommer 1, die Sebras is in nommer 2, die Meerkatte is in nommer 3, die Kameelperd is in nommer 4 en die Apies is in nommer 5. Hulle hou 'n partytjie om hul vriendskap en hul fantastiese huise te vier.

Week 6

Telrympie en -speletjie: *Een aartappel, twee aartappels*

Een aartappel, twee aartappels,
Drie aartappels, vier,
Vyf aartappels, ses aartappels,
Sewe aartappels, gee nog hier!

Speel die aartappel-telspeletjie:

Agt leerders staan in 'n kring en elkeen hou een vuis voor hul liggame. Een van die leerders loop aan die binnekant van die kring om, en gebruik sy of haar vuis en begin die rympie opsê om elke vuis af te tel deur liggies daarteen te tik. Die leerder tel dan terug van 7 tot 1 terwyl hy/sy terugkeer na sy/haar plek in die kring. Dan kry die volgende leerder 'n beurt.

Week 7

Telliedjie: *Klein vliegtuigies*

Een klein, twee klein, drie klein vliegtuigies
Vier klein, vyf klein, ses klein vliegtuigies
Sewe klein, agt klein, nege klein vliegtuigies
Tien klein vliegtuigies vlieg.

Tien klein, nege klein, agt klein vliegtuigies
Sewe klein, ses klein, vyf klein vliegtuigies
Vier klein, drie klein, twee klein vliegtuigies
Een klein vliegtuigie vlieg.

Week 8

Telliedjie: *Sewe klein eendjies*

Sewe klein eendjies gaan waggel op 'n dag
ver, ver weg, toe word dit amper nag.
Mamma Eend sê: "Kwaak, kwaak, kwaak,"
en ses klein eendjies waggel terug baie vaak.

Ses klein eendjies gaan waggel op 'n dag
ver, ver weg, toe word dit amper nag.
Mamma Eend sê: "Kwaak, kwaak, kwaak,"
en vyf klein eendjies waggel terug baie vaak.

(Herhaal en tel elke keer terug.)

Vorm-liedjie en -speletjie: *Wie kan my help?*

(Op die wysie van *Skip to my Lou*)

Waar's my sirkel, wie kan my help?

Waar's my driehoek, wie kan my help?

Waar's my vierkant, wie kan my help?

Wie kan my help, asseblief?

Week 9

Lengte-liedjie: *Lank en kort*

(Op die wysie van *Three blind mice*)

Lank en kort (*hou hande ver uit mekaar en dan naby mekaar*)

Lank en kort (*hou hande ver uit mekaar en dan naby mekaar*)

Kyk die wurms (*wriemel hande*)

Kyk die wurms (*wriemel hande*)

Kyk hoe wriemel hulle rond en bont

Kyk hoe grou hulle in die grond

En wie kyk saam – sowaar, my hond!

Lank en kort. (*hou hande ver uit mekaar en dan naby mekaar*)

Week 10

Speletjie: *Stoeledans*

Elke leerder het een stoel.

Leerders beweeg tussen al die stoele deur terwyl die onderwyser musiek speel.





Wanneer die musiek ophou, gaan sit hulle op 'n stoel.

Voordat die musiek weer begin, word een tot vyf stoele weggevat.

Leerders tel saam met jou terwyl jy dit doen en sê hoeveel minder leerders sal kan sit volgende keer as die musiek ophou.


Dié wat nie 'n stoel het nie, gaan sit en klap op die maat van die musiek.


Herhaal totdat net een stoel oorbly.



vier


4






5



vyf




Speeldeeg-patroontemplaat: Getal 4





vier



Speeldeeg-patroontemplaat: Getal 5



vyf



Munte (Week 2)



Munte (Week 2)



Getalkaart (Week 2)

4	
2	
1	
3	

Getal-legkaart (Week 5)

1

een




2

twee




3

drie



4

vier



5

vyf



Legkaart met twaalf stukke

